’n VERKENNING EN VERGELYKING VAN HOUDINGS EN PERSEPSIES RAKENDE AFRIKAANS IN DIE KHOMASSTREEK VAN NAMIBIË NÁ DRIE DEKADES VAN ONAFHANKLIKHEID

’n TESIS VOORGELÊ TER NAKOMING VIR DIE GRAAD

MASTER OF ARTS IN AFRIKAANS STUDIES

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN NAMIBIË

DEUR

NICOLETTE HARMSE

219043639

OKTOBER 2022

HOOFSTUDIELEIER: PROFESSOR HERMAN BEYER

MEDESTUDIELEIER: PROFESSOR MARIANNE ZAPPEN-THOMSON

Opsomming

Ná drie dekades van Namibiese onafhanklikheid bly houdings en persepsies ten opsigte van Afrikaans grootliks ongedokumenteer. Daarom beoog hierdie studie om hierdie houdings en persepsies wat bestaan het en steeds bestaan tussen sprekers, sowel as onder nie-sprekers, wat in kontak is met die verskillende groepe binne die betrokke taalgemeenskap, te boekstaf.

Dit is egter nie moontlik om die oorgrote meerderheid van die Khomasstreek-inwoners se houding teenoor en persepsies oor Afrikaans in te samel nie, daarom is ’n gerieflikheidsteekproef gebruik, wat beteken dat die resultate nie noodwendig verteenwoordigend is van die hele bevolking van die Khomasstreek nie.

Die studie fokus op houdings en persepsies soos dit indirek waargeneem word, en nie noodwendig op die redes vir sulke persepsies of houdings nie. Houdings en persepsies is slegs gemeet binne die parameters van die veranderlikes wat in die navorsingsinstrument voorgestel word, en dit het betrekking op die Afrikaanse taal as ’n konstruk eerder as die Afrikaanse taalgemeenskap.

’n Gemengdemetodenavorsingsontwerp (kwalitatief en kwantitatief) is gebruik vir hierdie verkennende navorsing, met behulp van 'n opnamemetodologie.

Die elektroniese vraelys is in Mei 2020 met ’n skakel via e-pos en sosiale media versprei, terwyl die gedrukte vraelyste met die hand versprei is aan moontlike respondente wat nie toegang tot die aanlyn vraelys kon kry nie. Daar was 266 response op die elektroniese vraelys en 34 respondente het die gedrukte vraelys voltooi – dus 300 respondente. Daar was ’n item in die biografiese deel van die vraelys wat die respondent versoek het om aan te dui hoe lank hy/sy in die Khomasstreek woon. Dit het verseker dat enige vraelyste van nie-inwoners van die Khomasstreek by die data-analise uitgesluit kon word. Gevolglik het 275 respondente oorgebly.

Die resultate bevat verskillende houdingsprofiele (positiewe, neutrale en negatiewe houdings), wat saamgestel is uit sekere vrae en hul moontlike reaksies. Die reaksies van die drie verskillende groepe – Afrikaanssprekende respondente, nie-Afrikaanssprekende respondente en multitalige respondente (Afrikaans en ander tale) is in die relevante

profiele verdeel. Laastens is die respondente se persepsies rakende Afrikaans ook gedokumenteer.

Die navorsing en resultate toon dat die meerderheid respondente hoofsaaklik ’n positiewe houding teenoor tale in die algemeen, asook teenoor Afrikaans het. Daar bestaan egter ’n wanpersepsie onder die jonger generasies van die Afrikaanssprekendes oor hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het.

’n Aanbeveling vir toekomstige studies is om ’n groter gedeelte van die Khomasstreek te betrek, of dalk selfs al die streke van Namibië om ’n duideliker idee te kry van die houdings teenoor en persepsies van Afrikaans in Namibië as ’n geheel.

Abstract

Given the chequered history of Afrikaans in Namibia, it is to be expected that a range of attitudes and perceptions regarding Afrikaans have existed and still exist among its own speakers as well as among non-speakers who are in contact with the various groups within its speech community. After three decades of Namibian independence, these attitudes and perceptions remain largely undocumented. Therefore, this study aimed to document these attitudes and perceptions.

It was, however, not possible to gather the clear majority of the Khomas region’s residents’ attitudes towards and perceptions about Afrikaans. Therefore, a convenience sample was drawn, which entails that the results are not necessarily representative of the entire population.

The study focused on perceptions and attitudes as they are indirectly observed, and not necessarily on the reasons for such perceptions or attitudes. Attitudes and perceptions were measured only within the parameters of the variables that are represented in the research instrument, and they pertain to the Afrikaans language as a construct rather than the Afrikaans speech community.

A mixed method research design was used for this exploratory research, utilising a survey methodology. The study was mostly qualitative in that it reported subjective results, because participants’ attitudes and perceptions will form the basis of

conclusions. Quantitatively, attitudinal variables within and across groups were quantified and processed statistically. Quantitative variables like age, and gender binaries were also involved for purposes of comparison, as well as the following various groups: Afrikaans speaking respondents, non-Afrikaans speaking respondents and multilingual speaking respondents (Afrikaans and other languages).

The electronic questionnaire was distributed in May 2020 with a link via email and social media, while the printed questionnaires were distributed by hand to potential respondents who could not access the online questionnaire. There were 266 responses on the electronic questionnaire and 34 respondents completed the printed questionnaire – thus 300 respondents in total. There was a question in the biographical part of the questionnaire that requested the respondent to indicate how long he/she has been living in the Khomas region. This ensured that any questionnaires of non-residents of the Khomas region could be excluded from the data analysis. After last mentioned exclusion, the respondents were deducted to 275 respondents.

The results contain different attitudinal profiles (positive, neutral, and negative attitudes), which were constructed from certain questions and their possible responses. The responses of the three different groups – Afrikaans speaking respondents, non-Afrikaans speaking respondents and multiple language speaking respondents (Afrikaans and other languages) were divided into the relevant profiles. Lastly, the respondents' perceptions regarding Afrikaans were also documented.

The research and results show that the majority of respondents mainly have a positive attitude towards languages in general, as well as towards Afrikaans. However, there is a misperception among the younger generations of Afrikaans speakers about how Afrikaans originated in Namibia.

A recommendation for future studies is to involve a larger part of the Khomas region, or perhaps even all the regions of Namibia, to get a clearer idea of the attitudes towards and perceptions about Afrikaans in Namibia as a whole.

Inhoudsopgawe

Opsomming i

Abstract ii

Lys van tabelle viii

Lys van figure ix

Lys van akronieme x

Erkennings xi

Opgedra aan xii

HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

1.1. Agtergrond van die studie 1

1.2. Probleemstelling 4

1.3. Doelstellings 4

1.4. Relevansie van die studie 5

1.5. Beperkinge van die studie 5

1.6. Afbakening van die studie 6

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG 7

2.1. Afrikaans as ’n taal in Namibië 7

2.1.1. Die vestiging van Afrikaans in Namibië 7

2.1.2. Houdings teenoor Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884 11

2.1.3. Namibië (destyds Suidwes-Afrika) as ’n Suid-Afrikaanse mandaat 15

2.1.4. Kriteria om te bepaal watter taal in 1990 Namibië se amptelike taal sou word 20

2.1.5. Veranderinge rakende Afrikaans wat onafhanklikwording vergesel het 25

2.1.6. Taalhoudings oor Afrikaans in Namibië ná onafhanklikwording 29
2.2. Wat is ’n *persepsie*? 36
2.3. Wat is ’n *houding*? 36
2.4. Werksdefinisie van *taalhouding* 38
2.5. Opsomming van bestaande taalhoudingstudies 39
HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODES 44
3.1. Navorsingsontwerp 44
3.1.1. Navorsingsontwerp met gemengde metodes 44
3.1.2. Die Sosiale-oordeelteorie 44
3.1.3. Benaderings waarmee taalhoudings gemeet kan word 45
3.2. Bevolking 49
3.3. Steekproef 49
3.4. Navorsingsinstrumente 50
3.4.1. Die instrument 50
3.4.2. Rede vir Engelse vraelys 50
3.4.3. Struktuur en inhoud van die vraelys 51
3.5. Prosedure 59
3.6. Data-analise 63
HOOFSTUK 4: NAVORSINGSETIEK 64
HOOFSTUK 5: RESULTATE 66
5.1. Item 1 tot 5: Biografiese inligting 66
5.2. Item 6 tot 15: Inligting rakende respondent se taalbevoegdheid en taalvoorkeure 68
5.3. Item 16 tot 21: Taal/tale in Khomas, Namibië 77
5.4. Item 22 tot 34: Afrikaans in Khomas, Namibië 82

5.5. Item 35 tot 37: Ontstaan van Afrikaans in Namibië en algemene kommentaar....85
HOOFSTUK 6: BEVINDINGE....93
6.1. Verskillende houdingsprofiele....93
6.1.1. Positiewe houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen....94
6.1.2. Negatiewe houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen....94
6.1.3. Neutrale houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen....95
6.1.4. Positiewe houdingsprofiel teenoor Afrikaans....95
6.1.5. Negatiewe houdingsprofiel teenoor Afrikaans....96
6.1.6. Neutrale houdingsprofiel teenoor Afrikaans....97
6.2. Verskillende groepe se houdings....98
6.2.1. Volledige steekproef se houdings teenoor taal en tale in die algemeen....98
6.2.2. Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans....99
6.2.3. Nie-Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans....100
6.2.4. Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) se houdings teenoor Afrikaans101
6.2.5. Algemene houdings teenoor Afrikaans....103
6.3. Persepsies rakende Afrikaans in Namibië (spesifiek in die Khomasstreek)....104
6.3.1. Afrikaans as lingua franca in die Khomasstreek....104
6.3.2. Afrikaans as taal van die koloniale onderdrukker....105
6.3.3. Afrikaans as ’n inheemse taal in Namibië....106
6.3.4. Afrikaans dien as ’n verbinding tussen mense van verskillende kultuurgroepe....106
6.3.5. Afrikaans vorm deel van die nasionale erfenis van Namibië....107
6.3.6. Afrikaans se uitsterwing....107
6.3.7. Die ontstaan van Afrikaans in Namibië....108
6.3.8. Die gereelde hoor van Afrikaans....110

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS 111
7.1. Samevatting van doelstellings 111
7.2. Houdings teenoor Namibiese tale in die algemeen 112
7.3. Afrikaans as onderrigtaal 112
7.4. Afrikaans as eenheids- en versoeningstaal 113
7.5. Is Afrikaans steeds die lingua franca in Namibië? 113
7.6. Wanpersepsies met betrekking tot Afrikaans 113
HOOFSTUK 8: AANBEVELINGS 116
BIBLIOGRAFIE 117
BYLAE 123
Bylaag 1: Vraelys 123
Bylaag 2: Inligtingsblad en toestemmingsbrief van gedrukte vraelys 140
Bylaag 3: Toestemmingsbrief van elektroniese vraelys 146
Bylaag 4: Etiese Klaring Sertifikaat 147
Bylaag 5: Navorsingstoestemmingsbrief 148

Lys van tabelle

Tabel 1: Respondente se eerste taal/tale.....71

Tabel 2: Die taal/tale waarin respondente dink.....71

Tabel 3: Die taal wat respondente gebruik wanneer hul kwaad of emosioneel raak 72

Tabel 4: Taal wat respondente gebruik as hul bid.....73

Tabel 5: Gekose onderrigtaal 75

Tabel 6: Taal wat respondente gebruik om hul behoeftes, gevoelens en emosies uit te druk 76

Tabel 7: Die belangrikheid van Namibië se tale 79

Tabel 8: Die vyf belangrikste tale in Namibië 81

Tabel 9: Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans 99

Tabel 10: Nie-Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans 100

Tabel 11: Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) se houdings teenoor Afrikaans 102

Lys van figure

Figuur 1: Die verspreiding van Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884.....9

Figuur 2: Namibiese Politieke Partye se Taalbeleide 22

Figuur 3: Bevoegdheid in verskeie tale.....68

Figuur 4: Gebruik van verskeie tale by die huis 69

Figuur 5: Gebruik van verskeie tale buite die huis 70

Figuur 6: Voorkeurtaal wanneer jy iemand aanspreek 75

Figuur 7: Item 16 se resultate.....77

Figuur 8: Item 17 se resultate.....78

Figuur 9: Item 18 se resultate.....78

Figuur 10: Item 19 se resultate.....79

Figuur 11: Die mees romantiese taal.....82

Figuur 12: Item 22 tot 28 se resultate.....83

Figuur 13: Item 29 tot 34 se resultate.....84

Figuur 14: Ontstaan van Afrikaans in Namibië 86

Lys van akronieme

AKRONIEME

DTA: Demokratiese Turnhalle Alliansie
GIP: Germanistische Institutpartnerschaft
MSA: Moderne Standaard-Arabies
NAVCO: Namibiese Vereniging vir Christelike Onderwys
NBC: Namibia Broadcasting Corporation
SAAWK: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
SWA: South West Africa/Suidwes-Afrika
SWAPO: The South West Africa People's Organization
UDE: Universität Duisburg-Essen
UNAM: University of Namibia
UNIN: United Nations Institute for Namibia
UREC: University Research Ethics Committee
VivA: Virtuele Instituut vir Afrikaans

Erkennings

Hiermee wil ek graag erkenning gee en dank betoon aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) wat ’n meestersbeurs aan my toegeken het.

Ek wil graag dank betuig aan die Helene Naudé Testamentêre Trust wat ook finansiële hulp verleen het tydens my studies.

Ek wil ook my waardering teenoor my twee studieleiers uitspreek – prof. Herman Beyer en prof. Marianne Zappen-Thomson. Dankie vir al die raad, hulp en leiding oor die afgelope drie jaar.

Baie dankie aan dr. Marina Muller wat die statistiese verwerkinge van hierdie studie behartig het.

Baie dankie ook aan elke persoon wat aan my studie deelgeneem het en die tyd afgestaan het om ’n vraelys in te vul.

Opgedra aan

Ek dra graag hierdie Meesterstesis op aan my pa (Peet), Ma (Nicolette), suster (Elzeth), broer (Leon) en my kêrel (Clifford). Dankie dat julle my nog altyd en op alle moontlike maniere ondersteun en my aanmoedig om my drome na te jaag. My woorde is min, maar my dankbaarheid is groot.

Ek dank ook ons Vader in die Hemel wat my daagliks seën met ’n goeie ondersteuningstelsel, gesonde verstand, geleenthede en baie genade.

Ek dra ook hierdie Meesterstesis op aan elke juffrou, dosent, kollega en skrywer wat bygedra het tot my liefde vir – en kennis van – die Afrikaanse taal.

Verklarings

Ek, Nicolette Harmse, verklaar hiermee dat hierdie studie my eie werk, en 'n ware weerspieëling van my navorsing is en dat hierdie werk, of enige deel daarvan nie vir 'n graad by enige ander instelling ingedien is nie.

Geen deel van hierdie tesis/proefskrif mag gereproduseer, in enige herwinningstelsel weergegee word, of in enige vorm of op enige wyse (bv. elektroniese, meganiese, fotokopiëring, opname of andersins) sonder vooraf toestemming van die outeur of die Universiteit van Namibië oorgedra word nie.

Ek, Nicolette Harmse, gee die Universiteit van Namibië die reg om hierdie proefskrif geheel of gedeeltelik op enige wyse of formaat, wat die Universiteit van Namibië goedvind, te kan reproduseer.

Nicolette Harmse	Harmse	1 Oktober 2022
Naam van Student	**Handtekening**	**Datum**

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1. Agtergrond van die studie

Afrikaans in Namibië[1] toon ’n komplekse en geskakeerde geskiedenis. Volgens Stals en Ponelis (2001) is Hollands-Afrikaans reeds vroeg in die 1700’s gepraat deur sommige gemeenskappe in die verre suide van die gebied wat vandag bekend is as Namibië. Die taal is verder gevestig en versterk deur die “Oorlam- en Bastergroepe” (p. 2) wat in die tydperk 1780-1860 in die gebied aangekom het nadat hulle vanuit die Kaapkolonie suid van die huidige Oranjerivier gevlug het (Stals & Ponelis, 2001). Teen 1876 het die eerste kleiner groepe Afrikaanssprekende trekboere hul in die gebied tans bekend as Namibië kom vestig (Stals, 2008). Afrikaans was dus reeds ’n “gevestigde taal” (p. 4) in die gebied voordat die koloniale tydperk in 1884 begin het (Stals & Ponelis, 2001).

Mettertyd was dit nie net onderwys en prediking nie, maar ook politieke onderhandelinge, formele ooreenkomste en korrespondensie wat in Hollands geskied het. Dit was egter ’n vereenvoudigde Hollands-Afrikaans wat later Afrikaans geword het. Dus is handelaars en reisigers genoodsaak om rondom “die mense van die Namibië van destyds die algemene kommunikasietaal te gebruik, naamlik Afrikaans” (Stals, 2008, p. 17). Daarom moes Duits tydens die Duitse koloniale heerskappy (1884-1915) met Afrikaans as ’n gevestigde lingua franca, as taal van hoër funksies én as moedertaal van baie groepe in die land kompeteer (Stals, 2008). Toe die Unie van Suid-Afrika daarna beheer oor die gebied geneem het, is Engels en Hollands as amptelike tale in die destydse Suidwes-Afrika verklaar (Stals, 2008). In 1925 is Hollands met Afrikaans

[1] Hoewel die tydperk onder bespreking chronologies die gebruik en selfs bestaan van die naam *Namibië* voorafgaan, word dié naam hier gebruik om te verwys na die gebied wat vandag as die Republiek van Namibië bekendstaan.

vervang. Groenewald (2010) beweer die “oorname en bestuur van Namibië deur Suid-Afrika [in 1915] het iets van ’n voortsetting én verandering in die status en gebruik van Afrikaans verteenwoordig” (p. 97). Al hoe meer Afrikaanssprekendes het die land binnegekom en sodoende het die taal oor nog ’n groter gebied versprei en veroorsaak dat hierdie mense die politieke en ekonomiese mag gehad en dus Afrikaans se gebruik in die hoë funksies voortgesit het. Selfs al was Afrikaans reeds ’n lingua franca in Namibië vóór die oorname deur die Unie van Suid-Afrika, is Afrikaans se posisie versterk deur hul teenwoordigheid. Volgens Groenewald (2010) het die koms van die Suid-Afrikaanse maghebbers ook die amptelike status van Afrikaans verander en gevolglik is Afrikaans ná 30 jaar van Duitse oorheersing, as amptelike taal gevestig. Die grootskaalse oorname deur Afrikaanssprekende blankes van die hoë funksies (bv. regering, onderwys en handel) het veroorsaak dat “een variëteit van Afrikaans voorkeur gekry het en gevolglik die prestigetaal geword het” (Groenewald, 2010, p. 97). Standaardafrikaans het gevolglik vanaf die 1920’s die taal van hoë funksies in Namibië geword (Groenewald, 2010). Groenewald (2010) meld verder dat die variëteite wat vir baie jare deur die “Oorlams en Basters” gebruik is, gestigmatiseer geraak het en daar is “deur skoolopvoeding gepoog om Standaardafrikaans te bevorder” (p. 97). Vanaf 1948 tot selfs ná Namibië se onafhanklikheid in 1990 is veral Standaardafrikaans geassosieer met die onderdrukkende Suid-Afrikaanse apartheidsregime teen wie die nasionale bevrydingstryd gevoer is (Maho, 1998).

Met onafhanklikwording het Afrikaans sy ampteliketaalstatus verloor en daarmee saam ’n aantal hoër funksies. Sedert Namibië se onafhanklikwording is Afrikaans een van die dertien nasionale tale van Namibië (Shah & Zappen-Thomson, 2017). Laasgenoemde

maak die taal ’n belangrike element van die identiteit van baie Namibiërs, maar ook van die Namibiese volk as geheel. In die lig van sy uiteenlopende geskiedenis is die Afrikaanse taalgemeenskap, in teenstelling met die meeste ander in Namibië, baie heterogeen. Volgens die 2001- en 2011-sensusse is Afrikaans die derde grootste hooftaal in Namibië met Afrikaans as hooftaal in 11,4% van Namibiese huishoudings in 2001 en 10,4% in 2011. Volgens 2016 se inter-sensus demografiese opname is Afrikaans die vierde grootste hooftaal per huishouding in Namibië met 9,4% (Namibia Statistics Agency, 2001; Namibia Statistics Agency, 2011; Namibia Statistics Agency, 2016). Alhoewel die persentasie oor die jare verminder, bly dié taalgemeenskap steeds ’n beduidende groep in die bevolking van Namibië.

Beuke (1997) skryf in ’n artikel wat handel oor die kontak en konflik van Afrikaans in Namibië dat Afrikaans op daardie stadium (1997) nog die lingua franca in Namibië was, maar dat hierdie funksie tien jaar later, dit wil sê teen 2007, waarskynlik deur Engels vervul sou word. Groenewald (2010) meld egter dat Afrikaans twintig jaar ná onafhanklikwording steeds die status van lingua franca in Namibië behou, ten spyte van ’n veranderde politieke klimaat. Stell en Groenewald (2016) het bevind dat Afrikaans in Namibiese stedelike kontekste aansienlike bedekte prestige besit as ’n medium vir interetniese kommunikasie, asook dat Engels tipies gebruik word binne formele kontekste en vir kommunikasie met onlangse migrante uit die noordelike distrikte, waar Afrikaans histories minder sigbaar is. Verder beweer Stell en Groenewald (2016):

> Die posisie van Afrikaans as ’n lingua franca kan in die toekoms bedreig word deur ononderbroke migrasiestrome uit die noorde. Maar aanduidings dat taalverskuiwing dikwels plaasvind na Afrikaans (en Engels) onder lank reeds

verstedelikte lede van noordelike etniese groepe, dui daarop dat daar nog ruimte is vir die status quo (p. 1130).

Die response op sekere items in die vraelys kan moontlik ’n idee gee of Afrikaans − ná dertig jaar van onafhanklikheid − steeds die lingua franca in Namibië is, en of daardie funksie in ’n groter mate deur Engels vervul is.

1.2. Probleemstelling

Gegewe die geskakeerde geskiedenis van Afrikaans in Namibië, kan daar verwag word dat ’n verskeidenheid houdings en persepsies ten opsigte van Afrikaans bestaan het en steeds bestaan tussen sprekers, sowel as onder nie-sprekers, wat in kontak is met die verskillende groepe binne die betrokke taalgemeenskap. Ná drie dekades van Namibiese onafhanklikheid bly hierdie houdings en persepsies grootliks ongedokumenteer. Daarom beoog hierdie studie om hierdie houdings en persepsies minstens gedeeltelik te boekstaaf.

1.3. Doelstellings

Die doelstellings van hierdie studie is die volgende:

- om Afrikaanssprekende, sowel as nie-Afrikaanssprekende inwoners van die Khomasstreek in Namibië se houdings en persepsies rakende Afrikaans ná drie dekades van onafhanklikheid te ondersoek,

- om die houdings en persepsies van die Afrikaanssprekende inwoners met die houdings en persepsies van nie-Afrikaanssprekende inwoners van die Khomasstreek in Namibië te vergelyk en te kontrasteer, en
- om enersyds moontlike verhoudings tussen Khomas-inwoners se persepsies en houdings met betrekking tot taal en tale oor die algemeen te ondersoek, en andersyds hul persepsies en houdings met betrekking tot Afrikaans te ondersoek.

1.4. Relevansie van die studie

Daar is ’n gebrek aan studies oor inwoners van Namibië se houdings teenoor Afrikaans. Die laaste studie van hierdie aard is Pienaar-Louw (1997), wat fokus op die taalverhoudings van Afrikaanssprekende Namibiese skoolverlaters. Die verhouding tussen kind en taal is ondersoek, eerder as die kind se taalhouding (Pienaar-Louw, 1997). Die huidige studie fokus op die taalhoudings van Khomasstreek-inwoners teenoor die Afrikaanse taal as ’n konstruk. Hierdie studie kan ’n aanduiding gee van die status van Afrikaans binne die breër konteks van nasionale eenheid en versoening.

1.5. Beperkinge van die studie

Dit is nie moontlik om die oorgrote meerderheid van die inwoners van die Khomasstreek se houdings teenoor en persepsies oor Afrikaans te versamel nie. Daarom is ’n gerieflikheidsteekproef gebruik, wat beteken dat die resultate nie noodwendig verteenwoordigend van die hele bevolking is nie.

1.6. Afbakening van die studie

Die studie fokus op persepsies en houdings soos dit indirek waargeneem word, en nie noodwendig op die redes vir hierdie persepsies of houdings nie, alhoewel die resultate ’n beperkte stel postulate in hierdie verband kan genereer of ondersteun. Houdings en persepsies word slegs gemeet binne die parameters van die veranderlikes wat in die navorsingsinstrument verteenwoordig word, en hulle het betrekking op die Afrikaanse taal as ’n konstruk eerder as op die Afrikaanse taalgemeenskap.

Die literatuuroorsig volg hierna en brei verder uit op die bostaande inleiding.

HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG

In die literatuuroorsig word daar aandag geskenk aan Afrikaans as ’n taal in Namibië, persepsies, houdings, taalhoudings, en bestaande taalhoudingstudies.

2.1. Afrikaans as ’n taal in Namibië

2.1.1. Die vestiging van Afrikaans in Namibië

Die Oorlams het in die tydperk van 1780-1860 na Namibië gekom en in vyf groepe verdeel – die Afrikaners, afkomstig uit die Hantam, het hulle aanvanklik noord van die Oranje gevestig, terwyl ’n ander deel van die groep weggebreek het en hul naby Windhoek gaan vestig het. Twee ander groepe het hulle onderskeidelik by Bethanie en aan die Nossob gaan huisves. Die vierde groep was ook afkomstig van Bethanie en die vyfde groep van Gibeon (Stals & Ponelis, 2001). Volgens Stals en Ponelis (2001) was die Oorlams basies Koi wat die “Hollandse taal geken het, sekere begrippe van die Christelike geloof aanvaar het en vaardig in die gebruik van vuurwapens, perde en ossewaens was” (p. 12).

Daarna het Hollands-Afrikaanssprekende Transvaalse trekboere in die noorde en trekboere vanuit die Kaapkolonie in die suide SWA/Namibië binnegekom.

Daar is ’n aantal taalswaartepunte in Namibië gedurende die 19de eeu sover dit Hollands-Afrikaans aangaan. Hierdie swaartepunte bestaan uit streke en gemeenskappe waar die taal ’n groterige “gebruikersbasis verkry” het en gevolglik deur die invloed van inheemse owerhede en sendelinge ’n “omgangs- sowel as onderwys- en regeringsfunksie ontwikkel het”. Verder kan daar onderskeid getref word tussen die “informele vestiging en gebruik van die taal as spreektaal van mense”, en die “formele vestiging en gebruik

daarvan deur die doelbewuste aanleer en aanwending van die taal" (Stals & Ponelis, 2001, p. 13).

Die swaartepunte van Hollands-Afrikaanssprekende gemeenskappe wat geïdentifiseer kan word, is die volgende (Stals & Ponelis, 2001, p. 13-15):

> Gebied 1: Die gebied waarvan Warmbad die sentrum vorm en ook plekke soos Goodhouse-Ramansdrif, Houmsrivier, Pelladrif, Velloorsdrif aan die Oranje-rivier, en Blydeverwacht-Jerusalem effens weg van die rivier langs die Keinab-sytak geleë, insluit. Plekke ten suide van die rivier, soos Pella, moet in samehang met hierdie gebied gesien word.
>
> Gebied 2: Die gebied waarvan Bethanie die sentrum vorm en ook plekke soos Vioolsdrif, Sendelingsdrif, Keetmanshoop, Helmeringhausen, Berseba en die Noukloof insluit.
>
> Gebied 3: Windhoek en omgewing.
>
> Gebied 4: Naosanabis (Leonardville) en Gobabis.
>
> Gebied 5: Die gebied waarvan Otjimbingwe die sentrum vorm en ook plekke soos Anawood en Salem-Dieptal insluit.
>
> Gebied 6: Die gebied waarvan Gibeon die sentrum vorm en ook 'n plek soos Rietmond, oos van Mariental, insluit.
>
> Gebied 7: Die gebied waarvan Rehoboth die sentrum vorm en ook plekke soos Hatsamas en Hoachanas insluit.
>
> Gebied 8: Die gebied waarvan Mier die sentrum vorm en ook 'n plek soos Hasuur insluit.

Gebied 9: Ameib en Okombahe.

Gebied 10: Barmen, wat ook plekke soos Omaruru, Okahandja en Otjisazu insluit.

Gebied 11: Rooibank en Walvisbaai.

Gebied 12: Humpata in Angola en verbandhoudende omstandighede in Kaokoland en op Grootfontein.

Die volgende kaart is ’n voorstelling van die gebiede waar Hollands-Afrikaans in Namibië vóór 1884 ’n noodsaaklike plek as moedertaal, sowel as kommunikasie- en onderrigmedium, verwerf het.



Figuur 1: Die verspreiding van Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884

Bron: Stals & Ponelis, 2001, p. 14.

’n Groter behoefte om te kommunikeer het ontstaan namate al meer nuwe aankomelinge Namibië betree het. Hierdie aankomelinge het bestaan uit toevallige ontdekkingsreisigers, bewegende landverhuisers soos die “Oorlams en Basters”, sendelinge, handelaars en jagters, sowel as Duitse onderhandelaars (Stals & Ponelis, 2001, p. 76).

Die gevestigde inwoners en die nuwe inkomelinge het op drie wyses gekommunikeer. Hulle kon direk met mense in hulle moedertaal praat, of hulle het inheemse tale aangeleer, of gebruik gemaak van tolke. Naderhand het die tolkery afgeneem, maar nie heeltemal verdwyn nie. Al hoe meer mense het in skole en aan die Augustineum Hollands-Afrikaans aangeleer. Die Augustineum-skool is in 1866 in Otjimbingwe gestig en is in 1890 na Okahandja verskuif, en uiteindelik in 1968 na Windhoek. Dit is een van die oudste skole in Namibië en staan vandag bekend as die *Augustineum Secondary School* – ’n staatskool in Khomasdal, ’n voorstad van Windhoek (Rhodes, 2005). Verder verduidelik Stals en Ponelis (2001) ook dat die “toevloei van Hollands-Afrikaanse moedertaalsprekers uit die Kaapkolonie sosiale onderbou verskaf het om verkeer oor etniese grense heen moontlik te maak” (p. 82).

Hollands-Afrikaans het in die 19de eeu op laer en hoër vlakke in die Namibiese samelewing gefunksioneer. Die sprekers het die taal by hul leefwyse en landstreek aangepas en gebruik om na rigting of ’n pad te vra, stories te vertel, handel te dryf en sommer net om te gesels. Nederlands was die taal van hoër funksies in die Kaapkolonie, selfs in die Britse tydperk, ten spyte van ’n verengelsingsbeleid in 1811 (Stals & Ponelis, 2001, p. 92). Stals & Ponelis (2001) bevestig dat hierdie tradisie tot in die sewentiger- en tagtigerjare in Namibië bly voortbestaan het, want die sendelinge en leiersfigure was van

mening dat “Hollands-Afrikaans die mees funksionele [taal] binne die taal-sosiologiese opset van die land sou wees” (p. 93). Die skole, kerke, formele korrespondensie en wette was gevolglik alles steeds in Hollands.

In die 19de eeu was Hollands-Afrikaans in die praktyk die enigste taal van algemene kommunikasie in Namibië. Selfs al was daar nog baie mense wat dit nie verstaan het of kon praat nie, was daar genoeg mense om dit aan die ander uit te lê. Nama en Herero (die ander landstale) kon egter nie die “funksie van ’n diplomatieke taal vervul” (p. 94) sonder die gebruikmaking van verskeie tolke nie (Stals en Ponelis, 2001). Een van die ander beduidende landstale, Oshiwambo (Ovamboland), het teen hierdie tyd nog byna glad nie met Hollands-Afrikaans in aanraking gekom nie (sien Figuur 1: Die verspreiding van Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884).

2.1.2. Houdings teenoor Hollands-Afrikaans in Namibië voor 1884

Daar is verskeie faktore wat mense se houding teenoor ’n taal bepaal, naamlik; is dit hul moedertaal; is dit net ’n “gebruikerstaal”; wat is die “beeld van die gemeenskap wie se moedertaal dit is”; het dit ontwikkel tot ’n “taal met ’n eie grammatika, letterkunde en wetenskaplike literatuur”; is dit ’n “middel tot wyer bemagtiging of is dit net tot ’n groep beperk”; het dit ’n “erkende status in onderrig, wetgewing en handel”? (Stals & Ponelis, 2001, p. 107).

Al die bogenoemde faktore was volgens Stals & Ponelis (2001) in Namibië teenwoordig. Verskeie inwoners se moedertaal was Hollands-Afrikaans, dit was die gebruikstaal van nog meer mense en die inwoners het toegang gehad tot Nederlandse letterkunde en literatuur en mense kon oor “groepsgrense heen kommunikeer” (Stals & Ponelis, 2001,

p. 107). Hollands-Afrikaans het ook die taal van onderrig, wetgewing en handel geword. Die buitestanders (sendelinge en handelaars), asook die landsmense self, het verskeie houdings teenoor Hollands-Afrikaans gehad. Van hierdie houdings sluit die sendeling J.H. Schmelen, wat met ’n Namavrou getroud was, se siening in dat dit onrealisties is dat tale soos Hollands en Engels as algemene gebruikstaal beskou word onder die mense van Groot Namakwaland, want Nama is reeds te sterk gevestig daar. J.G. Krönlein het vermeld dat die mense in die Namakwa en suid van die Grootrivier, ná ses dekades van sendingwerk steeds net die Namataal praat en soms ’n klein bietjie “Boer-Hollands” (Stals & Ponelis, 2001, p. 109). Krönlein het ’n afkeer van die Hollandse taal gehad en op ’n keer die volgende uitspraak gemaak: “Hoe beeldryk en welluidend is die egte Namakwataal nie! Hoe sierlik en oorspronklik is die konstruksie daarvan nie teenoor die Hollands-verbasterde Oorlamtaal nie” (Stals & Ponelis, 2001, p. 109).

Verder was F. H. Vollmer daarvan oortuig dat die sendelinge slegs die mense se gees en die volkslewe werklik sou leer ken indien hulle die mense se moedertaal aangeleer het. Hy betoog verder ook dat dit tog veel makliker vir ’n individu is om hom by ’n volk aan te pas as vir ’n volk om hom by ’n individu aan te pas. Vollmer het aanvanklik gesukkel om die vierde klapklank van Nama reg uit te spreek, maar het ná ’n dekade baie meer vertroud geraak met die taal. Mettertyd was C. Hugo Hahn van mening dat die Namas eerder Hollands moet aanleer omdat die Nama nie “uit eie beweging tot mense van wet en orde sou ontwikkel” nie (Stals & Ponelis, 2001, p. 111). Dus sou Hollands ’n goeie bydrae lewer tot hul opvoeding en vooruitgang na ’n meer geordende gemeenskap. Namate die omgang met die blankes toegeneem het, het selfs Krönlein later toegegee en gesê (Stals & Ponelis, 2001):

> Dit is ’n geval van teen die stroom swem as ’n mens op die suiwer Namataal aandring.
>
> Dit is onteenseglik van groot nut, en dien tot verbreding van die uitkyk by jonk en oud, dat hulle in albei tale onderrig word. Vir die oordraging van die heilswaarhede moet Nama egter deurgaans op die voorgrond bly (p. 111).

Hererohoofde het vir Britse beskerming gevra, maar ten spyte daarvan het “Duitse onderhandelaars die gebied in 1884 en 1885 inbeweeg en beskermingsverdrae met die hoofde van Nama- en Hereroland gesluit” (Stals & Ponelis, 2001, p. 114). Laasgenoemde het die taalsituasie beïnvloed en gevolglik is Engels na die agtergrond gedryf en Duits het die “sanksie as die eerste amptelike taal van Namibië” gekry (Stals & Ponelis, 2001, p. 114). Die toekoms van die gevestigde inheemse tale, Hollands-Afrikaans ingesluit, sou deur die praktyk en nie die owerheidsmaatreëls bepaal word nie (Stals & Ponelis, 2001).

Die buitestanders het meestal hul menings op skrif gestel, terwyl die landsmense nie hierdie voorreg gehad het nie, en hulle kon gevolglik ongelukkig nie op dieselfde sanksie vir hulle “menings en versugtinge” (p. 114) reken nie (Stals & Ponelis, 2001).

Volgens Stals & Ponelis (2001) kon groepe soos die Herero, Ovambo en Damara Hollands goed lees en verstaan, maar hulle het nie Hollands in die plek van hulle eie moedertale en algemene kommunikasie verkies nie. Die situasie onder die Namas was egter “effens anders en ingewikkelder” (p. 116). Die Namas het later Hollands bo moedertaalonderrig verkies. David Christiaan, wat as nuwe kaptein van Bethanie gekies is, het uitgeroep: “Alleen Hollands, niks as Hollands nie; ek verag myself en voel lus om

in die bossies weg te kruip as ek my Hottentot-taal praat" (Stals & Ponelis, 2001, p. 116).

Die Namas se begeerte om Hollands te leer, was nie noodwendig hoofsaaklik as gevolg van 'n haat teenoor hul moedertaal nie, maar eerder omdat hul 'n behoefte het om deur Hollands toegang te kry tot Christelike godsdiens, lees en skryf en handel met smouse. Nama het egter sy basiese eiendomlike gemeenskapsfunksie behou (Stals & Ponelis, 2001, p. 117). F. Heider, 'n sendeling onder die Rooinasie op Hoachanas, het later die opmerking gemaak dat die Hottentotte nie eintlik hulle taal so verag nie, hulle wil eintlik net nie hê dat die sendelinge en vreemdelinge hulle taal leer nie (Stals & Ponelis, 2001, p. 118).

Die Damaras en Herero's het egter nie uitgesproke standpunte oor tale gehad nie en het hul onderskeie moedertale "met trots gebruik" (Stals & Ponelis, 2001, p. 119).

Die taaldebat het dus deur drie fases gegaan (Stals & Ponelis, 2001):

1) Aanvanklik was sendinggenootskappe van mening dat Hollands 'n geskikte medium vir lering en onderwys was, maar hul het later ook die mening gehad dat hulle makliker tot gemeenskappe kan deurdring indien hulle hul moedertale aanleer.

2) Naderhand het sekere sendelinge hulle daaraan toegewy om tussen Namasprekendes wat verkies het om in Hollands onderrig te word, 'n trots vir hul taal te skep. Hulle het laasgenoemde bewerkstellig deur taalstudie, prediking en om 'n Nama-literatuur te skep.

3) Daar het 'n kompromie ontstaan tussen die feit dat moedertaal belangrik en noodsaaklik was as 'n algemene taal vir die hoëre funksies, asook vir kommunikasie in die breë samelewing.

Teen die tweede helfte van die 19de eeu was Hollands-Afrikaans al die moedertaal van baie landsmense (Stals & Ponelis, 2001, p. 121). As algemene kommunikasietaal is Hollands-Afrikaans nie net vir gewone kommunikasie tussen mense gebruik nie, maar ook vir "godsdienstige lering, onderwys, handel en amptelike dokumentasie" (Stals & Ponelis, 2001, p. 122).

W.C. Palgrave se optrede in die sewentigerjare as "amptelike wegbereider van beplande Britse kolonisasie" en die verskyning van A. Lüderitz, J.G. Höpfner, Nachtigall, asook andere in 1883-1884 as "agente van Duitse kolonisasie in Herero- en Namaland" (p.122) het die volgende vraag laat ontstaan: Gaan Engels of Duits die nuwe statustaal – en lingua franca – in Namibië word? (Stals & Ponelis, 2001).

2.1.3. Namibië (destyds Suidwes-Afrika) as 'n Suid-Afrikaanse mandaat

Die Duitse mandaatgebied Suidwes-Afrika is in 1915 deur die Volkebond aan Suid-Afrika gegee (Boddy-Evans, 2021). Tydens hierdie periode wat Suid-Afrika beheer oor die gebied geneem het, is Engels en Hollands as amptelike tale in die destydse Suidwes-Afrika verklaar (Stals, 2008). Volgens De Vries (2005) was C.J. Langenhoven vanaf 1914 die "dryfveer agter die parlementêre stryd om Afrikaans se status amptelik te maak" (p. 1). Langenhoven het Afrikaans se groeipotensiaal met 'n "snelstygende boog" vergelyk en gesê: "Om ons één eie taal tot nut te gebruik, is groter kuns as om sewe by te leer." (De Vries, 2005, p.1). In 1925 is Afrikaans amptelik as taal verklaar, en het dit Hollands as amptelike taal vervang. Vanaf 1948 tot selfs ná Namibië se onafhanklikwording in 1990 is veral Standaardafrikaans geassosieer met die onderdrukkende Suid-Afrikaanse apartheidsregime teen wie die nasionale

bevrydingstryd gevoer is (Maho, 1998). Suidwes-Afrika is in 1968 na Namibië hernoem, maar Suid-Afrika het aangehou om dit steeds Suidwes-Afrika te noem (Boddy-Evans, 2021).

In 1988 het daar twee artikels in die Suid-Afrikaanse tydskrif, *Insig*, verskyn waar minister F.W. de Klerk en prof. Hans du Plessis in "teenoorgestelde hoeke van die kryt" (p.22) was oor die bestaan – al dan nie – van Suid-Afrika se taalbeleid (De Klerk, 1988). De Klerk (1988) vermeld in die artikel "Beskuldigings onbillik" dat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 110 van 1983, artikel 89(1)) die volgende bevat: "Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Republiek en word op gelyke voet behandel, en besit en geniet gelyke vryheid, regte en voorregte" (p. 22). De Klerk (1988) noem verder dat die Staat die Buro van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* by die Universiteit van Stellenbosch ten volle finansier om sodoende die Afrikaanse woordeskat te kan opteken. Tegelykertyd het die Staat die *Dictionary of South African English on Historical Principles* by die Rhodes Universiteit in Grahamstad gefinansier omdat daar in Suid-Afrika op unieke maniere tot die Engelse woordeskat bygedra word. De Klerk (1988) deel ook die volgende oor tale oor die algemeen, sowel as Afrikaans in die besonder:

> 'n Taalgemeenskap moet waak teen die miskenning van sy taal, hy moet deur sy verskillende organe optree om die belange van sy taal te bevorder en hy moet self die reikwydte en invloedsfeer van sy taal verbreed. Die status van 'n taal kan deur regeringsoptrede bevorder word. 'n Regering kan egter nie 'n taal gewild en nuttig maak nie. Hy kan 'n enkele taal nie op mense in 'n meertalige land afforseer nie. Dit sal hoofsaaklik van Afrikaanssprekers afhang of Afrikaans in

> Suid-Afrika onmisbaar sal bly. Laat Afrikaanssprekers hul stem hoor as Afrikaans misken word, of aanvaar hulle dikwels die miskenning van ons taal gelate? (p.23).

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat alle Afrikaanssprekers (insluitend lede van die Regering) op hul eie gebiede "mede-verantwoordelik" is vir die beeld van hul moedertaal, want 'n taal leef net voort en groei as hy 'n "gebruikswaarde het, as hy nuttig en aantreklik is" (De Klerk, 1988, p.23).

Du Plessis (1988) betoog teen die uitsprake van minister F.W. de Klerk in die artikel "Taalbeleid: Kophou of bekhou". Du Plessis (1988) wou graag weet waar die sogenaamde taalbeleid is en hoekom niemand dit onder oë mag gekry het nie. In hierdie artikel maak Du Plessis (1988) ook die uitspraak dat Afrikaans in Namibië aan die sterf is omdat daar vergeet is hoe om te beplan, of omdat die taalbeplanning van SWAPO geïgnoreer is asof die taalbeplanning onnodig is. Dit gaan in Suid-Afrika nie net om die "gelykberegtiging" (p. 24) van Afrikaans en Engels nie – minstens al twaalf tale moet in berekening gebring word tydens taalbeplanning. Du Plessis (1988) sê ook verder:

> Taalbeplanning is die doelbewuste ingreep in die toekomstige pad wat 'n taal tussen tale moet loop. En hierdie doelbewuste uitlê van die taal se toekomspad word nie van politieke verhoë ter wille van politieke gehore gemaak nie, dit het 'n wetenskap tot grondslag. Taalbeplanning van die staat se kant af kan nie en mag nie onbillike voordeel vir die een taal ten koste van die ander tale wetlik verskans nie, maar dit moet ook geen taal wetlik benadeel nie (p.24).

Verder wonder Du Plessis (1988) watter taalbeleid die verhouding tussen tale op Suid-Afrikaanse televisie of uitsaaidienste bepaal? Hy noem die voorbeeld dat die een amptelike taal (Engels) vier stasies het wat eentalig is, terwyl Afrikaans slegs een stasie het wat eentalig is en ook nog ’n tydsbeperking het. Laasgenoemde voldoen nie heeltemal aan die “gelykberegtiging” (p. 24) van Afrikaans en Engels nie (Du Plessis, 1988). Du Plessis (1988) maak in sy slot weer duidelik waarom hy aandring op ’n duidelike taalbeleid. Hy verduidelik dat ’n taalbeleid beplanning en besinning oor die toekoms van tale insluit wat gegrond is op empiriese navorsing wat oor taalgesindhede gedoen is en wetenskaplik geïnterpreteer is.

Tydens ’n opknappingskursus vir Afrikaans-onderwysers in 1989, gereël deur die Departement Nasionale Opvoeding (SWA/Namibië) het George Weideman, mede-professor en Hoof van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Namibië, ’n toespraak gelewer. Hierin het hy onder andere gepraat oor hoe mense Afrikaans in die verlede gesien het en hoe Afrikaans in 1989 ervaar word. Afrikaans is aanvanklik as “kombuistaal”, “Hotnotstaal” of “Kitchen Dutch” beskou (Weideman, 1989, p. 1). Afrikaans is gekoppel aan die Eerste Taalbeweging en gesien as vryheidstaal – “spesifiek as Blanke vryheidstaal”. Gevolglik is die rol van die volle Afrikaanse taalgemeenskap, veral eerstetaalsprekers, “misken of geminag”. Later is die tweedetaalsprekers ook van Afrikaans vervreem. Volgens Weideman (1989) het politieke bewegings en beweegredes die sprekers en gebruikers van Afrikaans se houding teenoor die taal beïnvloed en sodoende ook bepaal. Laasgenoemde het gelei tot die “siening van Afrikaans as onderdrukkerstaal, taal van die veroweraar of koloniseerder; eksklusiewe Blanke besit” (p. 1). Lateraan het daar gereeld

protesbewegings rondom Afrikaans ontstaan – “alternatiewe Afrikaans” is een van hierdie proteste wat vanaf 1985 bly toeneem het. Laasgenoemde het ’n belangrike deel uitgemaak van die bevrydingsproses. Dit het daartoe gelei dat ’n “vernuwende aanwending van Afrikaans” (p. 2) bygedra het tot groter vryheid en menswaardigheid, ’n nuwe stel waardes vir almal (Weideman, 1989). Weideman (1989) het geglo dat Afrikaans, op die vooraand van onafhanklikwording in Namibië, ’n “boodskap van vrede, versoening en vriendskap kan uitdra” (p. 2).

Weideman (1989) het ook in sy toespraak oor Afrikaans as lingua franca in Namibië gepraat. Volgens hom was Afrikaans in 1989 die lingua franca of omgangstaal, die “winkel- en geselstaal” van ’n aansienlike deel van die bevolking in Namibië (Weideman, 1989, p. 2). Volgens Weideman (1989) het Randall van den Heever, skrywer van die alternatiewe leesboek *Tree na vryheid,* Afrikaans die “kletstaal” genoem (p. 2). Engels kan ook die rol van lingua franca speel, maar Afrikaans het ’n historiese voorsprong – sedert die vestiging van die Oorlams vroeg in die vorige eeu was Afrikaans die “kommunikasiemiddel vir die gewone man, die landbouers, die werker en, in ons eeu, ook die taal in hoëvlakberoepe” vertel Weideman (1989, p. 3). ’n Verdere voorsprong van Afrikaans as lingua franca is omdat die toekoms van die land meertaligheid inhou en ’n omgangstaal dus nog benodig word (Weideman, 1989).

Weideman (1989) het verder gesê dat die volle Afrikaanse taalgemeenskap (wit, swart en bruin sprekers van Afrikaans) deur die “nodige sensitiwiteit en toleransie vir mekaar via Afrikaans” werklik vryheid kan bekom. Vryheid van koloniseerders, asook vryheid van enige vorm van gekoloniseerde denke.

Die toespraak word afgesluit met die volgende woorde (Weideman, 1989):

> Dit is ’n swaar – maar ook heerlike! – taak wat op die Afrikaans-onderwysers se skouers rus: kry Afrikaans aan die beweeg! Laat die taal – wat tog in die omgang, op die skoolgrond en op straat leef – loskom van die kettings wat politici daaromheen geslaan het (p. 6).

2.1.4. Kriteria om te bepaal watter taal in 1990 Namibië se amptelike taal sou word

Voor Namibië se onafhanklikwording in Maart 1990 is die moontlike amptelike tale deur middel van verskeie kriteria teen mekaar opgeweeg om te bepaal watter taal sou uiteindelik Namibië se amptelike taal sou word. Die keuse van Engels is gebaseer op grond van agt kriteria, waaraan SWAPO (*The South West Africa People's Organization)* en UNIN (*United Nations Institute for Namibia*) van mening was ’n gekose amptelike taal moet voldoen (Maho, 1998). Die gekose taal moes Namibiërs verenig en moes ook aanvaarbaar wees vir alle Namibiërs. ’n Verdere kriterium was dat die gekose taal bekend moes wees aan alle Namibiërs. Die gekose taal moes uitvoerbaar wees, met ander woorde, dit moes prakties en ekonomies moontlik wees om die gekose taal te implementeer in die onderwys, administrasie, ensovoorts. Verder behoort die gekose taal ’n taal van wye kommunikasie in feitlik alle vakgebiede van wetenskap en tegnologie te wees, sowel as ’n biblioteektaal wat ryk is aan gepubliseerde materiaal om opleidings- en navorsingsprogramme binne en buite die land te vergemaklik. Dit moes ook die groei van bande tussen die Namibiese en ander progressiewe gemeenskappe in Afrika vergemaklik. ’n Taal van wyer kommunikasie, in direkte kontras met die geïsoleerdheid en beperkings van ander tale, is as noodsaaklik gesien om ’n internasionale netwerk van

kommunikasie, handel en diplomasie te ontwikkel. Die gekose taal behoort een van die hooftale van die Verenigde Nasies te wees waarmee Namibiese onderhandelaars nou al vertroud is (Maho, 1998). Uit die onderskeie tale, naamlik inheems, Afrikaans, Duits, Frans en Engels, was Engels die enigste taal wat aan al agt kriteria voldoen het en daarom tot amptelike taal verkies is (Maho, 1998).

Die visuele voorstelling in figuur 2 is ’n opsomming van die Namibiese Partye se beleide ten opsigte van Engels, Afrikaans en ander inheemse tale in 1989 (Du Plessis, 1989). Du Plessis sê dis opvallend dat nie een van die twee groot aanspraakmakers op mag (SWAPO en DTA – *Democratic Turnhalle Alliance*) enige beleid oor Afrikaans gehad het nie, alhoewel die DTA se verklaring van die taalbeleid deur middel van die Afrikaanse medium gelewer is. Du Plessis (1989) meld dat daar vanuit bogenoemde gespekuleer kon word dat Afrikaans en die praktiese aspekte van die taal se waarskynlike status in ’n nuwe Namibië ’n moeilike kwessie vir albei partye is, en dat hulle verkies om nie die probleem direk aan te spreek nie. Al die kleiner partye het egter duidelike uitsprake gelewer oor al die tale se posisies in die land (Du Plessis, 1989).

Namibia's Political Parties on Language Policy*

The 30 August Forum co-ordinated by the steering committee of the Languages Society of Namibia provided a platform for representatives from six of Nambia's political parties to present party policy on language:
Aksie Christelik-Nasionaal (ACN); Democratic Turnhalle Alliance (DTA); Namibian National Front (NNF); Namibian Patriotic Front (NPF); South West African People's Organisation of Namibia (SWAPO); and United Democratic Front of Namibia (UDF); were to clarify policy. The UDF representative, however, failed to appear. Theo du Plessis of the Afrikaans Department at the University of Namibia (Academy, Windhoek) has drawn up the following analysis of positions for the ***Language Projects' Review.***

	English	Afrikaans	Other indigenous languages
ACN	Official language Second language secondary level choice	Official language Lingua franca Second language secondary level	Use and equal recognition (for "own affairs") Mother tongue instruction (as long as possible - especially at primary level)
DTA	Official language Lingua franca Medium of instruction } = 'landstaal'	Policy not stated	Mother tongue instruction (if requested)
NNF	Official language (for political reasons) Medium of instruction (after primary school)	Official language (for indefinite period) Lingua franca (for generations to come)	Official language (additional, if desirable) Promotion of use Mother tongue instruction (at lower primary - gradual introduction of English; first as subject, then as medium of instruction)
NPF	Official language Medium of instruction (after primary education; in state schools)	Lingua franca (in transitional period)	Full respect (for "national languages") and freely used Mother tongue ("vernacular") instruction (at pre-primary and primary level; English runs parallel)
SWAPO	Official language Medium of instruction (gradually, towards upper primary school)	Policy not stated	Development (of "national languages", by government) Mother tongue instruction (lower primary level-English as subject) Subject (secondary level)
UDF	Representative did not arrive		

Theo du Plessis comments:
What is significant about this analysis is that neither of the two major contenders for power (SWAPO and the DTA) were prepared to state party position towards Afrikaans. The DTA statement of language policy was presented through the medium of Afrikaans and yet not a word was directly addressed to that language. One would be inclined to speculate, therefore, that the question of Afrikaans and the practicalities of its probable status in a new Namibia is a thorny issue for both parties — although for different reasons, and that they prefer to avoid addressing the problem directly. Interestingly, the smaller parties were able to express very clear positions for all languages in the country.

* Taken from: *Language Projects' Review* Vol. 4 No. 3, 1989

Figuur 2: Namibiese Politieke Partye se Taalbeleide

Bron: Du Plessis, 1989, p 114.

Prof. Hans du Plessis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Akademie het in 1987 ’n lesing in Windhoek aangebied waarin hy kommentaar gelewer het op die UNIN-verslag. Volgens Du Plessis (1987) blyk dit uit die UNIN-verslag dat daar drie redes was waarop die verwerping van Afrikaans as amptelike taal gegrond is. Eerstens is dit omdat Afrikaans gesien word as ’n taal wat afgedwing is, of as ’n koloniale taal. Die tweede rede is vanweë die feit dat Afrikaans as

die taal van die onderdrukker beskou word. Die derde rede vir verwerping is gegrond op Afrikaans se praktiese waarde.

Die UNIN het verslag gelewer dat Afrikaans ’n taal is wat van buite af op die inwoners van die gebied afgedwing is as gevolg van die “onwettige kolonialisering van die gebied” (Du Plessis, p. 4). Du Plessis (1987) is van mening dat bogenoemde bewering ’n valse aanname is, want Afrikaans is deur die groepe wat reeds in hoofstuk een bespreek is, na Namibië gebring en versprei, selfs voor die aanbreek van die Duitse koloniale periode. Dus is Afrikaans nie ’n afgedwonge taal nie, want dit is nie deur die Suid-Afrikaanse mandaat aan SWA/Namibië “afgesmeer” nie (Du Plessis, 1987, p. 10). Afrikaans het ook nie in SWA/Namibië as koloniale taal “vastrapplek kom kry nie” (p. 10), want Engels en Hollands was die amptelike tale toe SWA/Namibië as ’n mandaatgebied in 1915 deur Suid-Afrika oorgeneem is. Afrikaans het eers in 1925 amptelike status in Suid-Afrika (en sodoende SWA/Namibië) verwerf (Du Plessis, 1987, p. 4). Ná 1925 sou dit nog baie jare neem voordat die Suid-Afrikaanse staatsdiens eers Afrikaans word en dit is die rede hoekom Du Plessis (1987, p. 11) sê dat Namibiërs Engels eerder met kolonisasie assosieer.

Du Plessis (1987) aanvaar die aanname dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is, maar hy reken dat die verslag ’n belangrike deel uitgelaat het – dat Afrikaans ook die “taal van ’n beduidende deel van die onderdruktes is” (p. 11). Du Plessis (1987) bevraagteken die deel in die verslag wat die volgende ten opsigte van Engels en Frans in Kameroen vermeld: “They are integral facts of our historical heritage and constitute the original traits of our national personality.” (p.12). Du Plessis (1987) redeneer dat Afrikaans dan tog ook as ’n taal gesien kan word wat ’n groot deel van die historiese

erfenis van Namibiërs uitmaak en dus ’n “integrerende deel van die nasionale persoonlikhede van Namibiërs” (p.12) is. Daarom vermeld Du Plessis (1987) dat die “verandering van Afrikaans na Engels” vir hom baie na “neo-kolonialisme” (p. 12) lyk, want Duits as alternatief vir Afrikaans sou ’n meer praktiese oplossing bied.

Die UNIN-verslag sê verder dat Afrikaans buite Suidelike Afrika geen praktiese waarde het nie en daarom word dit as ’n “instrument vir isolasie en insulasie gesien” (Du Plessis, 1987, p. 12). Du Plessis (1987) maak melding van drie verskillende moontlikhede wat gevolg kon word om die beperking van Afrikaans wat nie ’n wêreldtaal is nie, te oorkom:

1) Die hele bevolking moet van moedertaal verander (laasgenoemde word deur die verslag geïmpliseer, maar nie net ten opsigte van Afrikaans nie).
2) Stel die “taal met die praktiese waarde” (p. 13) (dus Engels) op skool as verpligte vak in.
3) Pak die uitdagende taak van vertaling in die isolerende taal aan.

Volgens Du Plessis (1987) bevat die verslag nie die feit dat Afrikaans die moedertaal van ’n groot deel van die bevolking was vóór die mandaat en selfs voor Duitse kolonisasie nie. Du Plessis (1987) kom tot die volgende gevolgtrekking:

> Ek skakel Engels as een van die moontlike amptelike tale ook nie uit nie, ek is van een ding egter oortuig: wie ook al hierdie land as onafhanklike land regeer en hoe hy dit ook al regeer – hy sal moet oorneem en hy sal moet regeer op Afrikaans!

Die Ovambo's is die grootste bevolkingsgroep in Namibië. 'n Interessante tendens in statistiek is mettertyd onder die Ovambo's opgemerk. In 1980 het 79% van Ovambo's beweer dat hulle Afrikaans verstaan, terwyl net 13% van Ovambo's in 1989 beweer het dat hulle Afrikaans kan verstaan. Die geval was egter dieselfde met Engels. In 1980 het 53% beweer dat hulle Engels kan verstaan, en in 1989 net 31%. Verder het 69% van die Ovambo's beweer dat hul geen toegang tot Engels het nie. Dit blyk dus dat die gewildheid van Engels oorskat is (Maho, 1998). Die afnemende getalle vir Engels kan ook toegeskryf word aan die feit dat mense beweer het hulle verstaan Engels, of dit nou waar is of nie, want dit het gedien as 'n simbool van weerstand teen die apartheidsisteem, aangesien Afrikaans – wat in bykans elke formele kontaksituasie nodig was – met die onderdrukkende owerhede geassosieer is. Met die verandering van die amptelike taal van Namibië, was die aanspraak daarop om Engels te ken nie meer 'n kwessie van sosiopolitieke houdings nie, maar een van werklike bevoegdheid (Maho, 1998). Na aanleiding van laasgenoemde, veronderstel Maho (1998) dat die relatiewe negatiewe voor-onafhanklikheidshoudings teenoor Afrikaans en ander inheemse tale 'n positiewe verandering in die toekoms kan ondergaan, en dat die welwillende houding teenoor Engels in 'n mate sal afneem vanaf verheerliking na 'n meer neutrale houding. Hierdie studie kan gesien word as 'n stap daarheen om hierdie hipotese 30 jaar later te toets, alhoewel dit nie die studie se doelwit is nie.

2.1.5. Veranderinge rakende Afrikaans wat onafhanklikwording vergesel het

Twee jaar ná onafhanklikwording het Theo du Plessis 'n artikel "Die Namibiese monoloog" in die *Language Projects' Review* geskryf waarin hy sy bevindinge gedeel

het oor die stand van Afrikaans in Namibië teen 1992. Volgens Du Plessis (1992) was Afrikaans steeds die lingua franca in Windhoek teen daardie tyd, maar na aanleiding van dieper ondersoek het hy bevind dat doelbewuste verengelsing aan die orde van die dag was. Die verengelsing het op die staatsdiens, onderwys en uitsaaiwese gefokus, dus alles domeine waaroor die staat beheer het. Daar het egter mettertyd ’n reaksie begin opbou teen die verengelsingsprogram – Rehobothers het openlik protes aangeteken teen die verengelsingsbeleid deur optogte met protesplakkate in Rehoboth te hou. Verder het die Namibiese Afrikaanssprekendes Afrikaanse privaatskole begin oprig en só protes aangeteken (Du Plessis, 1992). Daar is wel ook gevalle waar die verengelsingsbeleid net gelate aanvaar is, byvoorbeeld Windhoek Hoërskool – destydse prestige Afrikaanse skool – het sonder protes oorgeskakel na die Engelse onderrigmedium (Du Plessis, 1992).

Du Plessis (1992) reken dit is “verblydend dat daar al hoe meer stemme begin opgaan vir ’n amptelike meertalige bedeling” (p. 9). Du Plessis (1992) kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat dit belangrik is om Afrikaans as “mede-amptelike taal” (p.9) te behou, selfs al is dit net sodat meer mense toegang tot inligting het, of om die moontlikheid van ’n tipe “magsbalans” te verseker. “Dalk lê ons heil tog maar by tweetaligheid” (Du Plessis, 1992, p. 9).

Opperman (2015) bestempel Maart as ’n belangrike maand sedert 1990 in Namibië. Dié landstreek, wat as gebied in opdrag van die Verenigde Nasies deur die Suid-Afrikaanse regering bestuur is, het op 21 Maart 1990 ’n onafhanklike republiek geword.

Opperman (2015) deel ook sy mening oor die toekoms van Afrikaans in Namibië:

> Kyk en luister ’n mens oppervlakkig, wil jy positief wees oor Afrikaans in Namibië. Baie mense praat nog die taal, selfs as kommunikasietaal tussen Afrikataalgebruikers. Die Damara-bevolkingsgroep en die nuwe president Geingob is bekend as mense wat naas hulle moedertaal Damara/Nama ’n baie suiwer Afrikaans praat. Daar word nie teen Afrikaans gediskrimineer deur wetgewing of openbare teenstand nie. Afrikaans word as vak in die regeringskole aangebied. By die Universiteit van Namibië is ’n klein Afrikaans-departement. In baie besighede en regeringskantore kan jy in Afrikaans bedien word. Afrikaans geld vir ’n groot deel van die land nog as *lingua franca*, deurdat dit as tweede of derde taal gebruik word.

Afrikaans het met onafhanklikheid twee groot knoue gekry, naamlik dat dit sy posisie as amptelike landstaal verloor het toe Engels gekies is, en dat moedertaalonderrig in regeringskole beperk is tot graad 1 tot 3, afhangende van die demografie van die voedingsarea van die skool. Vanaf graad 4 is Engels die onderrigtaal in alle regeringskole en daardeur is nie net talle Afrikaanssprekendes dwarsdeur die land die voorreg ontneem om in hulle moedertaal (huistaal) graad 12 in ’n regeringskool te voltooi nie, die taalbeleid benadeel terselfdertyd al die inheemse tale van die land (Opperman, 2015).

Opperman (2015) verduidelik verder dat die Grondwet van die Republiek van Namibië voorsiening maak vir die behoud en bevordering van jou taal en kultuur en dit gee ook ruimte vir die vestiging van privaatskole, sonder diskriminasie op grond van ras, godsdiens en geslag, maar ’n ouergemeenskap het egter wetlik die reg om die etos van hulle privaatskool te bepaal. Vanweë die taalbeleid vir regeringskole het die Afrikaanse ouergemeenskap naderhand privaatskole gestig waar die volgende drie pilare as

grondslag geneem is: “die Christelike etos, Afrikaans as onderrigtaal en strewe na hoë kwaliteit” (Opperman, 2015). ’n Oorkoepelende organisasie, Navco (Namibiese Vereniging vir Christelike Onderwys), het tot stand gekom en daar is (teen 2015) ongeveer 5300 leerders in 18 skole wat by Navco aangesluit het. Opperman (2015) deel verder mee dat sewe van hierdie skole “Christelike Afrikaanse privaatskole is, wat graad 1 tot matriek aanbied, terwyl die ander skole verskillende keuses oor Afrikaans, Engels en Duits as onderrigmedium gemaak het”. Opperman (2015) deel ook mee dat die onafhanklikheidspad, waarop Afrikaans sy bevoorregte posisie verloor het, gelei het tot ’n nuwe bewuswording van taal en kultuur by talle Afrikaanssprekendes en Afrikaanse taalgebruikers. ’n Nuwe vereniging “Netwerk vir Afrikanerbelange” het volgens Opperman (2015) ontstaan omdat daar ’n behoefte was om na die kultuurbates van die Afrikaner in Namibië om te sien. Daar is later in 2013 ook ’n kulturele vennootskap tussen die FAK en Netwerk gesluit. Die funksie van Netwerk is om die “verskillende instansies, verenigings en individue wat hulle vir die Afrikaner en die Afrikaanse saak beywer, te laat kommunikeer en koördineer” (Opperman, 2015). Daar is in samewerking met die Selfhelp Trust ’n gebou in Windhoek opgerig, waarin ’n “museum, argief en vergaderplek vir die bevordering van die Afrikaanse kultuur gevestig is”. Namibië beskik ook oor twee privaat Afrikaanse radiostasies, ’n 24-uur Afrikaanse uitsending op die nasionale radiodiens NBC (Namibia Broadcasting Corporation) en die *Republikein* is die sterkste koerant wat in Afrikaans verslag lewer. Verder vertel Opperman (2015) dat Afrikaanse boeke, tydskrifte en musiek goed onder die bevolking verkoop, dat jong Afrikaanse entrepreneurs hulle in die besigheidswêreld gevestig het en dat Afrikaans ook in die landbou en toerisme ’n groot bydrae lewer.

2.1.6. Taalhoudings oor Afrikaans in Namibië ná onafhanklikwording

Op 26 Junie 2008 het Estelle de Bruyn in die *Republikein*-berig "Afrikaans is plesierig" geskryf oor twee graad 12-dogters wat onderskeidelik eerste en derde plekke in die ATKV-redenaarskompetisie se senior afdeling verwerf het – Josy Nghipandua (eerste) en Chantelle Kruger (derde), beide Jan Möhr-leerlinge. Volgens Josy is dit 'n voorreg om so goed in 'n ander taal te kan kommunikeer dat jy ernstig deur mense opgeneem word. Verder vertel Josy:

> Om Afrikaans te kan praat, gee my die geleentheid om my kreatief te kan uitdruk. Hoe meer tale 'n mens praat, hoe beter. Dit maak ook nie saak van watter kultuur 'n mens is nie. Afrikaans is vandag 'n taal vir almal. Ons leef nie meer in die verlede nie.

Josy voel egter dis onregverdig dat daar so baie klem daarop gelê word dat sy as swart kind 'n Afrikaanse Huistaal-kompetisie gewen het. Sy redeneer Afrikaans is tog 'n "Afrika-taal". Sy deel verder mee dat dit sielkundige skade aanrig as daar klem gelê word op watter kleur die persoon is, sy sê almal behoort bevoorreg te voel om die taal te kan praat ongeag uit watter kultuur hul kom.

Sophia Kapp noem in 'n blog genaamd "Dankie aan die Namibiërs" wat 1 Maart 2018 op die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se webtuiste verskyn het, dat die gemeenskap in Namibië 'n merkbare rustigheid oor hulle het. Kapp (2018) noem verder:

> "Dit is 'n land waar die taal gemaklik in mense se monde sit, waar hy ewe veel behoort aan almal wat hom wil praat, waar onderwysers nog toegewyd genoeg is om oor Afrikaans in Afrikaans te konfereer, waar 'n koerant en Afrikaanse radiostasies nog moeite doen om keurige Afrikaans aan die gemeenskap te bied."

Verder sê Kapp (2018) dat Afrikaans in Namibië boweal ongehaas is. Dit is duidelik afgeteken, met helder sillabes en kragtige konsonante, terwyl daar die hele tyd onder sy musiek duidelik en onmiskenbaar ook ’n Duitse ritme pols. Volgens haar is dit ’n taal wat sy eie, unieke plek in sy eie, unieke omgewing gekry het. Kapp (2018) spreek verder haar opregte dank aan die Namibiërs uit vir die lêplek wat Afrikaans onder ons karos het (Kapp, 2018).

Die *Republikein* berig op 6 Augustus 2018 oor dr. Koos Marais, skrywer van *Die Keiservoël oor Namaland*. Hy het tydens die *Orde van die Beiteltjie* by die Windhoek Woordfees op 4 Augustus 2018 ’n toekenning van die Cordis-trust vir sy boek ontvang. Hierdie boek gee erkenning aan die geskiedenis en kultuur van die Namas, asook aan die onregte wat hulle aangedoen is. Die boek fokus ook op die belangrike bydrae wat die Namas van Namibië tot die Afrikaanse taal gelewer het (Rademeyer, 2018). Rademeyer (2018) doen verder verslag dat Marais vroeër tydens ’n geleentheid op Maltahöhe 400 eksemplare van die boek aan die Nama-gemeenskap oorhandig het en gesê het hy wil hê die mense van hierdie land moet lees van hul eie helde; mense wat baie opgeoffer het. Marais het ook die volgende gedeel (Rademeyer, 2018):

> Ek wil hê julle moet trots wees op jul helde, julle moet hul nagedagtenis vereer, julle moet trots wees op jul kultuur, jul taal en jul Afrikaans. Bo alles wil ek hê julle moet lees. Om te lees, is om mag te hê. Om woorde te ken, maak jou sterk. Lees elke dag ‘n paar bladsye, vir die res van jou lewe, want dit maak jou sterk en slim (p.1).

Die hoof van die Nama-stam in Suid-Afrika, kapt. John Witbooi, was een van die eregaste tydens die verering van die boek en het gesê dat Afrikaans sy hartstaal is en dat dit sal voortleef solank as wat mense dit praat (Rademeyer, 2018).

Op Moedertaaldag, 21 Februarie 2019, verskyn daar ’n berig in die *Republikein* genaamd “Meer as ’n taal” waarin Lloyd Zandberg met verskeie Namibiërs oor Afrikaans gesels.

Dr. Chrisna Beuke-Muir, senior lektor aan die Universiteit van Namibië (Unam) en ondervoorsitter van die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) deel eerstens haar siening rondom en gevoel oor Afrikaans. Sy sê Afrikaans verenig Namibiërs en kan struikelblokke uit die weg ruim. Verder deel sy dat haar moedertaal vir haar ’n gevoel van werklikheid gee, van ritme, soos om gemaklik op ’n perd se rug te wees met die wye wêreld wat voor haar oopmaak (Zandberg, 2019).

Die bekende komediant Neville Basson sê die volgende oor Afrikaans (Zandberg, 2019):

> Dit maak my trots as Namibiër om te hoor ons hou al ons moedertale lewend deur dit te praat. Vir ons wat in die informele nedersetting Katutura grootgeword het, was Afrikaans die gemeenskap se medium. Baie van ons het in Khomasdal skoolgegaan en het, wanneer ons skool toe stap en terugstap, met mekaar Afrikaans gepraat – al het ons ander tale by die huis gepraat. My kinders praat Afrikaans. Ek dink nie Afrikaans het hier die sterk koloniale band wat dit in Suid-Afrika het nie (p. 3).

Basson noem verder dat Afrikaanssprekendes hulself dalk ook moet herkondisioneer en nie moet skrik vir ander tale nie en probeer om iets daarin te leer – al is dit net om te

groet. Só kan mense ook “oor die draad klim” (p. 3), soos hulle daardie tyd gedoen het. Hy glo dat ons al ons tale moet vier (Zandberg, 2019).

Volgens die bekroonde Namibiese digter Kobus Lombard vervul Afrikaans ’n baie belangrike kommunikasie- en sosiale rol in dié sin dat dit die algemene gebruikstaal van ’n groot persentasie Namibiërs is. Selfs al is dit nie meer ’n amptelike taal nie, is dit die taal wat mense op straatvlak bind en uiteraard ’n belangrike taal. Lombard meen vir hom as digter is sy gunstelingwoord in Afrikaans elke woord wat trefseker gebruik word (Zandberg, 2019).

Zandberg (2019) skryf verder dat Elzeth Harmse, Afrikaansonderwyser, kultuurkoördineerder en WAPAT- (ATKV-jeugtak)voog by Windhoek Afrikaanse Privaatskool (WAP), sê sy verdien haar brood en botter danksy haar moedertaal. Harmse sê sy is bevoorreg om haar kennis van en passie vir Afrikaans daagliks met die jeug (en toekoms) van ons land te deel deur haar werk as Afrikaansonderwyser. Verder glo sy dat dit elke Afrikaanssprekende in dié land se plig, maar belangriker nog, se voorreg is om te kan sorg dat dié taal nie sal uitsterf nie. Harmse se boodskap aan mede-Afrikaanssprekendes is: “As ons Afrikaans aanhou praat, lees, skryf, sing, droom en lééf, sal dit geliefd bly vir ons kinders, kleinkinders en ook húl kinders” (Zandberg, 2019, p. 3).

Daar het van 11 tot 15 Julie 2016, asook van 9 tot 13 Julie 2018 ’n *Somerskool Afrikaans* by die *Universität Duisburg-Essen* (UDE) in Duitsland binne die raamwerk van die *Germanistische Institutpartnerschaft* (GIP) plaasgevind. Dr. Chrisna Beuke-Muir en prof. Herman Beyer het die Somerskool in 2016 aangebied en mev. Petronella

Genis en prof. Herman Beyer, almal verbonde aan UNAM se Vakgroep Afrikaans, het die Somerskool in 2018 aangebied. Beide Somerskole het ten doel gehad om die kursusdeelnemers bekend te stel aan basiese kommunikasievaardighede (gelykstaande aan vlak A1 op die Algemene Europese Raamwerk), die geskiedenis van Afrikaans in Suid-Afrika en Namibië, asook verskeie aspekte van die geskiedenis, kultuur en landkunde van Namibië en Suid-Afrika. Die kursus het 30 uur geduur, waarvan 20 uur aan kommunikasievaardighede toegewy is en 10 uur aan geskiedenis, kultuur en landkunde (Beyer, 2018). In 2016 het die aanbieders ’n tendens onder die kursusgangers opgemerk – hulle stel belang in ’n linguistiese vergelyking tussen Afrikaans, Nederlands en Duits. Gegewe die kontaksituasie tussen Afrikaans en Duits in Namibië en die sterk taalkundige bande tussen Afrikaans en Nederlands (plus die kontaksituasie tussen Duits en Nederlands in Duitsland) en omdat dit ’n behoefte is wat direk binne die omvang van die GIP val, is ’n sessie oor hierdie spesifieke aspek in 2018 se program ingewerk. Die huidige samewerking in vertaalstudies en kontrastiewe taalkunde wat hierdie tale behels, ondersteun ook die siening dat kursusse soos die Somerskool, wat noodwendig enkele elemente van kontrastiewe taalkunde insluit, moontlik as waardevolle inleidende voorvereistes vir studente se werk op hierdie terreine kan dien (Beyer, 2018).

’n Koerantberig getiteld “Afrikaans: The language we love to hate”, deur Gerson Uaripi Tjihenuna, het op 6 November 2020 in die Namibiese *New Era*-regeringskoerant verskyn. Volgens Tjihenuna (2020) verwys radio-omroepers van die NBC Omurari-diens soms grappenderwys na Afrikaans as die “weestaal” (“orphan language”, p.11). Tjihenuna (2020) reken bogenoemde is vanweë die feit dat Afrikaans voor onafhanklikwording in 1990 ’n baie dominante taal in Namibië was en ná 1990 is

Afrikaans skielik “pushed to the margins” (p.11). Verder vertel Tjihenuna (2020) dat ’n oorbrugging van etniese en kulturele hindernisse een van die taal se eerste funksies was. Tjihenuna (2020) sluit ook aan by die stelling van Du Plessis (1987) vroeër – dat Afrikaans ook die “taal van ’n beduidende deel van die onderdruktes is” (p. 11), want Tjihenuna (2020) meld dat Afrikaans ook die taal is van die “Kleurlinge, Basters en party ander groepe in Suid-Afrika én Namibië” wat ook as destydse onderdruktes gesien word. Daar word verder berig dat Afrikaans ook deur die werkersklas gebruik word wanneer hul oor verskeie etniese groepe heen kommunikeer, veral diegene wat voor onafhanklikheid gebore is. ’n Verdere interessante tendens is dat selfs die sogenaamde “born frees” (p.11) soms Afrikaans praat in sosiale omstandighede – selfs al kom hul vanuit dieselfde kulturele agtergrond (Tjihenuna, 2020). Die meerderheid Damaras en Namas gebruik ook Afrikaans as hul tweede huistaal. Tjihenuna (2020) kom tot die gevolgtrekking dat ons met nugter gedagtes en sonder vrees of guns na Afrikaans moet kyk en probeer uitpluis hoe die taal as gereedskap kan dien om nasionale eenheid te bewerkstellig.

Daar bestaan ’n noue band tussen Afrikaans in Namibië en Afrikaans in Suid-Afrika en juis daarom is houdings teenoor Afrikaans in Suid-Afrika (en selfs elders in die wêreld) ook van belang.

Anastasia de Vries het ’n berig genaamd “80 jaar amptelik... en die antie dans nou éérs” in die *Perspektief* op 29 Mei 2005 geskryf oor Afrikaans se 80-jaar-vieringe as amptelike taal. Hierin berig De Vries (2005) dat die resensent Michael Morris in sy bespreking van Pharos se nuwe tweetalige woordeboek, die volgende gesê het: “Afrikaans was eens ’n stowwerige en streng antie, wie se stemmigheid in ’n outydse

leksikografie gebalsem is. Maar nou is daar seker geen taal in Suider-Afrika wat so vindingryk en uitdruklik inheems soos Afrikaans is nie." (p.1). Hy noem dan as voorbeeld die Afrikaanse vertaling vir *bungee – brugkettie* (De Vries, 2005).

Op 16 Desember 2018 verskyn die berig "Lank lewe ons taal – in Europa", geskryf deur Jacob Rooi in die *Rapport Weekliks*, wat verskeie opinies en houdings teenoor Afrikaans weerspieël. Volgens Jacob Rooi sukkel Afrikaans-departemente by baie Suid-Afrikaanse universiteite, maar in Europa woeker hulle met Afrikaans. Daar word Afrikaanse taal- en letterkundekursusse in België, Nederland en Switserland aangebied, en daar is nog baie potensiële belangstelling in lande soos Kroasië, Duitsland en Tsjeggië. Een van die 25 derdejaarstudente aan Universiteit Gent wat Afrikaans neem, Stan Geernaert, sê dat hy Afrikaans vreeslik interessant vind en dat die letterkunde anders is as die normale letterkunde. Hy sê ook dat die taalkunde hom help om die letterkunde beter te begryp. Verder sê die student, Gaëlle Rycx, dat die ryk geskiedenis van Afrikaans haar interesseer en Lore Fonteyn beskryf Afrikaans as "een heel mooi taal" (p.11). Yves T'Sjoen, hoogleraar in Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van Gent, sê dat tussen 20 en 60 studente jaarliks Afrikaans as vak neem (Rooi, 2018).

Volgens prof. Wannie Carstens, bekende professor in Afrikaanse taalkunde, is dit vreemd dat die aanvraag na Afrikaans as akademiese vak elders in die wêreld toeneem, terwyl die taal in Suid-Afrika aan universiteite onder druk is, en van 2016-2018 beduidend as taal van onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite ingekort is (Rooi, 2018).

2.2. Wat is ’n *persepsie*?

Volgens Du Plessis (2019) word ’n verskynsel waargeneem, dan geïnterpreteer en daarna ontstaan ’n persepsie. As gevolg hiervan verteenwoordig persepsie ons gewaarwording van ’n huidige situasie in terme van ons vorige ervaring. ’n Gebrek aan ondervinding kan ’n persoon vatbaar maak vir foutiewe interpretasie van dit wat waargeneem is (Du Plessis, 2019). Sprekers se persepsies van Afrikaans word dus beïnvloed deur hulle persoonlike ervarings met sprekers van verskillende tale oor die algemeen, met sprekers van Afrikaans spesifiek, asook die omgewing waarin hulle hul bevind. Nadat ’n persepsie na aanleiding van vorige ervaring gevorm is, ontwikkel ’n persoon ’n spesifieke houding teenoor die betrokke verskynsel – in hierdie geval die Afrikaanse taal.

2.3. Wat is ’n *houding*?

Houdings kan nie direk waargeneem word nie, maar dit word gedemonstreer deur werklike gedrag, byvoorbeeld hoe mense die sprekers van ander tale behandel (vermy/benader), asook in hulle begeerte (of nie) om ’n ander taal aan te leer (SIL International, 2018).

Bohner en Wanke (2002) stel die volgende werksdefinisie vir die term *houding* voor: ’n evaluering van ’n voorwerp of gedagte. Verder verduidelik Eagly en Chaiken (1993) dat ’n houding in terme van hierdie definisie ’n hipotetiese konstruk is, wat nie direk waarneembaar is nie, maar afgelei kan word uit waarneembare antwoorde. Verder word houdings beskou as voldoende om identifikasie en meting moontlik te maak. Die entiteite wat gevolglik ondersoek en evalueer word, staan bekend as houdingsobjekte en

omvat houdings teenoor voorwerpe, individue, instellings, gebeure en abstrakte idees (McKenzie, 2010). In die geval van hierdie studie is dit houdings teenoor abstrakte idees en gebeure wat ondersoek en evalueer word, naamlik taal as ’n konstruk en die geskiedenis en sosiale stand daarvan (gebeure wat die taal tot stand gebring het en steeds veranderinge voortbring).

Houdings is om verskeie redes funksioneel belangrik vir individue. Een van hierdie funksies van ’n houding is om by te dra tot kennisorganisasie en om strategieë vir benadering en vermyding te lei (Perloff, 2003). Hierdie kennisfunksie verwys na die noodsaaklike en dalk ook outomatiese proses om stimuli in die omgewing te kategoriseer. Die indeling van stimuli is afhanklik van konteksfaktore en individue klassifiseer stimuli in dimensies soos goed/sleg of vriendelik/vyandig. Daarom word daar geglo dat houdings belangrik is omdat dit ’n kognitiewe skema lewer, dit wil sê houdings bied ’n eenvoudige struktuur vir die individu om ’n andersins ingewikkelde en dubbelsinnige omgewing te kategoriseer en te hanteer. Houdings kan gevolglik ’n kennisfunksie vervul omdat dit die individu toelaat om sin te maak van die wêreld, dit voorspelbaar te maak of te voel dat hy/sy effektief funksioneer (Erwin, 2001).

Volgens Fishman en Rubal-Lopez (1992) kan houdings teenoor taalvariëteite ’n invloed hê op die mate waarin sekere groepe (soos sprekers van streeksdialekte of minderheidstale) aan hoër onderwys deelneem of werksgeleenthede beïnvloed. Taalhoudings kan verder bepaal of en tot watter mate tale of dialekte versprei of verval. Fishman en Rubal-Lopez (1992) meld verder dat positiewe houdings teenoor (variëteite van) ’n internasionale taal soos Engels beslis ’n belangrike faktor – en miskien selfs die belangrikste bepaling – van die wêreldwye verspreiding daarvan is. Taalhoudings kan

gemeet word aan die verspreiding en omvang van die gebruik van die taal, asook aan die individu se houding teenoor die gebruik daarvan. ’n Studie oor taalhoudings is belangrik in ’n multitalige land soos Namibië, aangesien dit ’n aanduiding kan gee van die moontlike voortbestaan en verspreiding van tale en die geassosieerde kulture.

2.4. Werksdefinisie van *taalhouding*

Studies soos Belmihoub (2018), Maartens (1997), McKenzie (2010), Parker (2015), Pienaar-Louw (1997), Schlettwein (2015) gebruik die term *taalhouding* as ’n sambreelterm wat ’n wye verskeidenheid moontlike houdingsveranderlikes bevat. Baker (1992, p. 29-30) identifiseer agt hoofareas van taalhoudings, naamlik

- houding teenoor taalvariasie;
- houding teenoor dialek en spraakstyl;
- houding teenoor die aanleer van ’n nuwe taal;
- houding teenoor ’n spesifieke minderheidstaal;
- houding teenoor taalgroepe, gemeenskappe en minderhede;
- houding teenoor taallesse en houding van ouers teenoor taallesse;
- houding teenoor die gebruike van ’n spesifieke taal;
- houding teenoor taalvoorkeur.

Hierdie studie fokus op die volgende areas: houding teenoor ’n spesifieke minderheidstaal[2]; houding teenoor die gebruike van ’n spesifieke taal; houding teenoor taalvoorkeur. Die gevolgtrekkings van die resultate kan egter bewyse (houdings) vir die

[2] ’n Taal wat deur die minderheid van ’n populasie van ’n sekere gebied gepraat word; in hierdie geval Afrikaans in Namibië.

meeste ander bogenoemde areas insluit. Die meerderheid taalhoudingstudies fokus gewoonlik op moedertaalsprekendes se persepsies van tale, maar persepsies van nie-moedertaalsprekers is ook belangrik wat sosiolinguistiek betref. Studies wat die houding van tweedetaalleerders ten opsigte van taalverwerwing ondersoek, verhoog die bewustheid dat taalleerders ’n verskeidenheid dinge gelyk moet hanteer, bv. hul eie gevoelens, stereotipes, vooroordele en verwagtinge, asook die linguistiese eienskappe van die taal (Friedrich, 2000; McKenzie, 2008).

Op grond van die voorafgaande kan die term *taalhouding* in die doel van hierdie studie soos volg gedefinieer word: ’n Taalhouding is iemand of ’n groep se evaluering van ’n taal waarin sy/haar voor- en afkere teenoor die spesifieke taal waargeneem kan word.

2.5. Opsomming van bestaande taalhoudingstudies

Bestaande studies wat oor *taalhoudings* handel, is onder andere Belmihoub (2018), McKenzie (2010), Schlettwein (2015), Parker (2015), Maartens (1997) en Pienaar-Louw (1997).

Belmihoub (2018) ondersoek taalhouding onder Algerië se eerste- en tweedejaar-ingenieurstudente aan ’n Algeriese universiteit. Hierdie studie het ten doel om Algeriërs se houding teenoor die teenwoordigheid van Engels en ander tale wat in Algerië gebruik word, te beskryf. Houdings van die bogenoemde studente aan ’n Algeriese universiteit word ondersoek in ’n poging om houdings teenoor die gebruik van Engels vir wetenskap en tegnologie beter te verstaan. Daarbenewens word verhoudings tussen Engels en ander tale beskryf, tesame met verhoudings tussen taalgebruikersgroepe (bv. Derja- en Tamazight-sprekers). ’n Steekproef van 101 deelnemers het op ’n vraelys met 51 items

gereageer. Die resultate van die vraelys toon ’n sterk voorkeur vir Moderne Standaard-Arabies (MSA), Engels en Frans deur moedertaalsprekers van Algeriese Arabies (Derja). Inheemse sprekers van Tamazight (’n Berberse taal) verkies MSA, Engels, Frans en Tamazight. Deelnemers was verdeeld oor baie vrae rakende MSA en Tamazight. Daar is ook bevind dat respondente Engels verkies het as ’n nuttige middel van ekonomiese geleenthede en kennisoordrag. ’n Oorweldigende meerderheid respondente het meertaligheid in Algerië as positief gesien. Interessant genoeg het beide Derja- en Tamazight-moedertaalsprekers ’n voorstel om Derja tot ’n amptelike politieke status te bevorder eenparig verwerp, en hulle het hul ondersteuning gegee vir die onderrig van Engels en Frans op skool.

Die fokus van McKenzie (2010) se ondersoek was veral op die sosiale sielkunde van Engels as ’n wêreldtaal in ’n era van toenemende globalisering en die wêreldwye verspreiding van Engels as ’n middel van internasionale kommunikasie. As gevolg van laasgenoemde, word die besondere relevansie van die ondersoek na die houdings van nie-moedertaalsprekers teenoor Engels, en bewustheid van die Engelse taalvariasie beklemtoon. Vir beide teoretiese en praktiese redes, het die informante wat gekies is om aan die studie deel te neem, geheel en al uit Japannese studente bestaan wat tans Engels aan universiteite in Japan aanleer. Analises van die versamelde data het ook die belangrikheid van spesifieke sosiale faktore in die bepaling van die leerders se houdings teenoor variëteite van Engels getoon. Om die ingewikkeldheid van die uiteindelike navorsingstudie-ontwerp te beperk en om moontlike vreemde veranderlikes te beperk, is daar besluit om slegs vroulike Engelse sprekers vir evaluering op te neem. Om die potensiële verwarrende gevolge van luisteraar-uitputting te verminder, is ook opnames

van slegs ses sprekers (en dus ses variëteite van Engels) aangebied vir evaluering. Die studie se resultate dui op die teenwoordigheid van ’n affektiewe komponent, benewens ’n kognitiewe komponent van die leerders se houdings teenoor variëteite van Engels, en veral teenoor vorme van Engels wat deur Japannese gepraat word.

Die studie van Schlettwein (2015) doen verslag oor ’n ondersoek na multitalige studente aan die Universiteite van Stellenbosch en die Wes-Kaap se houdings teenoor hulle moedertale en ander tale. Daar word spesifiek gefokus op houdings teenoor Afrikaans, Engels en Xhosa en daarom het die studie probeer vasstel in watter domeine dié taalhoudings manifesteer en wat die redes vir die waargenome houdings is. Daar is ook ’n vergelyking getref tussen die taalhoudings wat deur die studente aan die twee universiteite gerapporteer is. ’n Aanlyn taalhoudingsvraelys is deur 140 studente aan die twee universiteite voltooi. Die resultate het getoon dat die respondente die gunstigste houdings teenoor Engels openbaar, gevolg deur Afrikaans. Die data dui verder daarop dat Engels die taal van voorkeur is in formele domeine, terwyl die respondente eerder hulle moedertale in informele domeine verkies. Daar was geen beduidende verskille toe die taalhoudings van die twee universiteite se studente vergelyk is nie, ten spyte van die universiteite se verskillende taalbeleide.

Parker (2015) ondersoek Suid-Afrikaners wat in die Midde-Ooste woon of werk se houdings teenoor die Afrikaanse taal. Verder ondersoek die studie die gerapporteerde gedrag van Suid-Afrikaners wanneer hulle mede-Suid-Afrikaners (ongegag hul moedertaal) teëkom of ontmoet. Al die deelnemers aan die studie werk in die onderrig-, mediese of besigheidsektore in die Midde-Ooste. Die studie is gemik op die taalrepertoire van die groep Suid-Afrikaners in die buiteland, en fokus op die moontlike

bydrae tot hoe die groep hulself definieer en hoe dit ook bydra tot die samestelling van hul identiteite. Drie-en-dertig Suid-Afrikaanse burgers wat in die Midde-Ooste werk of woon het aan die studie deelgeneem. Hulle is almal twee- of meertalig, meestal in Engels en Afrikaans, en sommige praat ’n derde of vierde taal, soos ’n inheemse Afrikataal (byvoorbeeld Zulu of Xhosa) of Asiatiese taal (soos Urdu). Die navorsing het bevind dat selfs al word Engels as internasionale lingua franca beskou, identifiseer mense nog steeds sterk met hul “huis-” of moedertale wanneer dit hul individuele en groepsidentiteite beklemtoon, of ’n aanduiding is van hul etnolinguistiese andersheid. Die data dui daarop dat die Suid-Afrikaanse groepe verkies om in Afrikaans of ander Suid-Afrikaanse inheemse tale te kommunikeer terwyl hulle buite die grense van Suid-Afrika woon en werk, dit dien as vertroosting én sorg vir ’n gevoel van samehorigheid.

Maartens (1997) het navorsing gedoen om Afrikaanse tieners in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, se houding teenoor Afrikaans te bepaal. Sy het ondersoek ingestel na die houding van hierdie groep Afrikaanssprekendes ten opsigte van die gebruik van Engelse en/of sleng-woorde as deel van die gebruikswoordeskat van Afrikaans, asook hul houding ten opsigte van die behoud of afskaling van Afrikaans, en uiteindelik ook dalk die moontlike sterfte van Afrikaans. Hierdie studie het binne ’n taalmilieu van Engels en Afrikaans plaasgevind, aangesien Engels die grootste invloed op Afrikaans het in KwaZulu-Natal. Verder is Engels en Afrikaans ook die twee tale wat die respondentgroep, naamlik Kwazulu-Natalse skole, ken. Maartens (1997) het die persentasies vir die positiewe opsie én die negatiewe opsies in berekening gebring en gevolglik aangetoon dat hierdie puntetoekenning daarop dui dat die respondent oor die algemeen ’n redelike positiewe houding teenoor die gebruik en voortbestaan van

Afrikaans openbaar. Laasgenoemde kan gesien word in die volgende statistiek: 4122 (44,2%) respondente het die positiewe opsie gekies; 1353 (14,5%) respondente het die matige opsie gekies en 3847 (41,3%) respondente het die negatiewe opsie gekies. Volgens die navorser toon die 14,5% respondente wat die matige positiewe houding aangedui het ’n huiwering om ’n positiewe houding aan te dui, en daarom kan die keuse van die matige opsie as potensieel eerder positief as negatief geïnterpreteer word (Maartens, 1997).

Pienaar-Louw (1997) se studie het ten doel gehad om die stand van Afrikaans in Namibië, ses jaar ná onafhanklikwording, te bepaal. ’n Landswye opname is onder 366 meertalige graad 11-leerders in Namibiese skole gedoen. Hierdie leerders se moedertaal is Afrikaans, of hul het Afrikaans as ’n skoolvak. Die vrae is hoofsaaklik só gestel om te kan bepaal wat die verhouding tussen die leerling en hul moedertaal is. Alhoewel die studie hoofsaaklik op Afrikaans fokus, toon die ingesamelde data ook inligting oor persepsies rakende die stand van ander Namibiese tale. Die studie het volgens die navorser getoon dat Afrikaans in Namibië in gevaar is omdat die jongmense nie meer praktiese nut en ekonomiese waarde aan Afrikaans (of die ander inheemse Namibiese moedertale) heg nie. Die jongmense koester wel nog ’n emosionele band met hul moedertale en hul sal ’n groot aandeel hê in die voortbestaan van Afrikaans.

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODES

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp, bevolking, steekproef, navorsingsinstrumente, motiverings agter vraagstelling, prosedure, loodsondersoek en data-analise bespreek.

3.1. Navorsingsontwerp

3.1.1. Navorsingsontwerp met gemengde metodes

'n Navorsingsontwerp met gemengde metodes is gebruik vir hierdie verkennende navorsing, met behulp van 'n opnamemetodologie. Die studie is meestal kwalitatief omdat dit subjektiewe resultate weergee, want deelnemers se houdings en persepsies vorm die basis van gevolgtrekkings. Die studie is ook kwantitatief, want die houdingsveranderlikes word binne en oor groepe heen gekwantifiseer en statisties verwerk. Kwantitatiewe veranderlikes soos ouderdom- en geslagsbinêre word ook vir vergelyking gebruik, asook drie verskillende groepe, naamlik Afrikaanssprekendes, nie-Afrikaanssprekendes en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale).

3.1.2. Die Sosiale-oordeelteorie

Volgens die Sosiale-oordeelteorie weeg 'n individu elke nuwe idee op en vergelyk dit met sy/haar huidige standpunt om te bepaal waar dit op die houdingskaal in die individu se gedagtes geplaas moet word. Die Sosiale-oordeelteorie probeer dus om die onbewustelike uitsortering van idees wat plaasvind op die oomblik van waarneming te verklaar (Hovland, C.I. & Sherif, M., 1980; Griffin, E., 2012). Die vrae en stellings wat in die vraelys voorkom, is dus die "nuwe idees" waarmee individue gekonfronteer word. Hulle weeg dus die vrae en stellings van die vraelys op en vergelyk dit met hul eie standpunte om te bepaal waar daardie spesifieke nuwe idee in hul gedagtes se

houdingskaal geplaas moet word, met ander woorde hoe hul oor daardie vraag/stelling voel en wat hulle houding daarteenoor is. Gevolglik kan hul houdings tot ’n mate gemeet word.

3.1.3. Benaderings waarmee taalhoudings gemeet kan word

Mckenzie (2010) meld dat daar vier verskillende soorte benaderings is waarmee taalhoudings gemeet kan word, naamlik die Samelewingsbehandelingsbenadering (*The Societal Treatment Approach*), die Direkte Benadering, die Indirekte Benadering en ’n Gemengde Metodologiese Benadering (*A Mixed Methodological Approach*).

Die Samelewingsbehandelingsbenadering word gebruik deur studies wat oor die algemeen kwalitatief is en word uitgevoer deur deelnemerswaarneming, etnografiese studies of ander waarnemingstudies. Die benadering is ontwerp om onopvallend te wees en die navorsers lei self die houding van die informante af uit hul waargenome gedrag of uit dokumentanalise. Hierdie benadering behels meestal ’n inhoudsanalise van die status en/of die stereotipiese assosiasies van tale en taalvariëteite en hul sprekers (McKenzie, 2010). Volgens Garrett et al. (2003) kan hierdie benadering nuttig gebruik word as ’n voorafgaande studie vir meer streng sosiolinguistiese ontledings, wat die gebruik van direkte of indirekte metodes van data-insameling sou behels.

Volgens McKenzie (2010) het die Direkte Benadering uiteraard ’n groter mate van opvallendheid omdat daar deur die respondente self verslag gedoen word oor hul houdings. ’n Direkte benadering tot die ondersoek van houdings behels gewoonlik ondervraging oor hul oortuigings, gevoelens en kennis van die houdingsvoorwerp. Direkte metodes vir die meting van taalhoudings word meestal gebaseer op die antwoorde van respondente op vraelyste of onderhoude (McKenzie, 2010).

Die Indirekte Benadering tot die ondersoek van houdings behels meer subtiele metingstegnieke, waar die doel van die studie minder duidelik gemaak is vir die respondente. Hierdie benadering is veral nuttig as dit onmoontlik of teenproduktief sou wees om respondente direk te vra na hul persepsies van die houdingsvoorwerp. McKenzie (2010) is van mening dat indirekte metodes om houding te meet, dieper as direkte metodes kan deurdring, dikwels onder die vlak van bewuste bewustheid en/of agter die sosiale fasade van die individu.

'n Gemengde Metodologiese Benadering, wat beide direkte en indirekte metodes bevat, word dikwels gebruik om taalhouding te meet omdat die gebruik van slegs direkte of indirekte metodes soms verwronge resultate en misleidende gevolgtrekkings oplewer. Garrett et al. (2003) verduidelik verder die doel van die gebruik van die Gemengde Metodologiese Benadering is om te ontdek hoe die direkte en indirekte metodes mekaar kan aanvul, ten einde die bevindings meer sekerheid te gee, sowel as 'n groter verskeidenheid insigte en meer kontekstuele spesifikasies van die taalhoudings wat ondersoek is.

In hierdie studie word die Direkte Benadering gebruik, want die navorsingsinstrument is 'n vraelys wat ook houdingskale bevat en omdat ek antwoorde vanaf direkte stellings wil kry eerder as om afleidings te maak. Henerson et al. (1987) verdeel die Direkte Benadering in navorsingsinstrumente waar die antwoord mondelings is, asook navorsingsinstrumente wat geskrewe antwoorde benodig. Voorbeelde van mondelingse navorsingsinstrumente is onderhoude, opnames en meningspeilings. Eerstens behels 'n onderhoud 'n ontmoeting van aangesig tot aangesig tussen twee of meer mense waar die ondervraagde(s) reageer op vrae wat deur die onderhoudvoerder(s) gestel word.

Tweedens verwys ’n opname na ’n hoogs gestruktureerde onderhoud, wat nie noodwendig van aangesig tot aangesig plaasvind nie, maar eerder telefonies. Derdens is ’n meningspeiling ’n koppetellery, waar ’n beperkte aantal opsies vir die respondente aangebied word en hulle dan daarvolgens reageer (Henerson et al., 1987).

Voorbeelde van instrumente wat geskrewe antwoorde benodig, is onder meer vraelyste en houdingskale. Vraelyste word meestal gebruik wanneer die navorser antwoorde op ’n verskeidenheid vrae benodig. Dit word dikwels vir elke vraag ontwerp om ’n diskrete saak te meet en ’n punt te gee wat spesifiek op die saak van toepassing is. Dit kan egter ook so ontwerp word dat antwoorde op verskillende vrae ’n algehele punt behaal (Henerson et al., 1987).

Oppenheim (1992) redeneer dat die meting van taalhouding deur direkte metodes egter onderhewig is aan verskeie potensiële slaggate waarvan navorsers bewus moet wees, ongeag of mondelinge of geskrewe antwoordprosedures gebruik word. ’n Aantal hiervan hou verband met faktore wat navorsers in die taalhouding in gedagte moet hou tydens die opstel van onderhoudskedules en vraelyste. Hipotetiese vrae vra hoe die respondente hulle sou gedra of op spesifieke gebeure reageer. Hierdie vrae sou waarskynlik nie ’n goeie voorspeller van toekomstige reaksies of gedrag wees as die aksie of gebeurtenis werklik ondervind word nie. Veelvuldige vrae bevat beide dubbele negatiewe vrae waarop ’n negatiewe antwoord dubbelsinnig sou wees, en vrae waar ’n positiewe antwoord na meer as een komponent van die vraag kan verwys (Garrett et al., 2003). Ja/nee-antwoorde moet eerder vermy word wanneer dit waarskynlik verwarring kan veroorsaak (McKenzie, 2010).

Ander faktore wat in ag geneem moet word by die gebruik van ’n direkte benadering tot die meting van taalhouding hou verband met neigings by die respondente en is belangrik tydens die data-insamelingsproses. Hierdie faktore lewer probleme op rakende die geldigheid van die versamelde data. ’n Voorbeeld van so ’n faktor is vooroordeel vir sosiale wenslikheid, wat verwys na die neiging van respondente om antwoorde te gee op vrae wat volgens hulle, die mees sosiaal toepaslike en wenslikste is (Oppenheim,1992). Oppenheim (1992) betoog dat vooroordeel vir sosiale wenslikheid dikwels van groter belang is in onderhoude as in vraelyste. Hoe dit ook al sy, om individueel onderhoude te voer en om vertroulikheid en anonimiteit met respondente te waarborg, sou waarskynlik die risiko van vooroordeel vir sosiale wenslikheid verminder. Vooroordeel kan voorkom in antwoorde in onderhoude of vraelysitems en verwys na die veronderstelde neiging dat respondente saamstem met items, ongeag die inhoud, in verklarings wat aan hulle voorgehou word (Schuman & Presser, 1996). As gevolg van die bogenoemde redes, kan bevooroordeeldheid 'n besondere ernstige metodologiese probleem wees wanneer stellings waarmee deelnemers moet saamstem of nie saamstem nie, of ja-nee-vrae deur die navorser(s) gebruik word. Juis as gevolg van die laasgenoemde moet die stellings korrek geformuleer word om bevooroordeeldheid sover as moontlik uit te skakel (Schuman & Presser, 1996).

Die eienskappe van die houding wat navorsers self het, kan ook die geldigheid van die data beïnvloed. Laasgenoemde staan bekend as die onderhoudvoerder se paradoks of die waarnemersparadoks. Perry (2005) beskryf twee soorte navorser-effekte. Die eerste een is die *Pygmalian*-effek en ontstaan as gevolg van die navorser se oordeel/verwagting van die vermoëns van die respondente, byvoorbeeld as vaardige taalleerders. Die tweede een

is die *Hawthorne*-effek, waar respondente hul gedrag kan aanpas as gevolg van hul persepsies van die navorser(s) en die studie self.

Laasgenoemde navorser-effekte word geminimaliseer in my studie as gevolg van my tipe instrument – ’n elektroniese- en hardekopievraelys wat deur middel van ’n gerieflikheidsteekproef versprei is. Daar was dus nie fisiese kontak tussen navorser en respondent nie. Die elektroniese medium en die feit dat vraelyste anoniem ingevul word, behoort hierdie effekte in ’n groot mate te neutraliseer.

3.2. Bevolking

In 2016 was die totale bevolking van die Khomasstreek van 15 jaar en ouer 295 620 (Namibia Statistics Agency, 2016). Dit is die mees onlangse data beskikbaar. Die bevolking van 18 jaar en ouer is ’n deel van die totale bevolking van 15 jaar en ouer, maar die presiese grootte kan nie bereken word nie, weens ’n gebrek aan data. Die rede hoekom "15 jaar en ouer" genoem word, en nie "18 jaar en ouer" nie, is dat dit die enigste beskikbare data verteenwoordig.

3.3. Steekproef

Aangesien dit ’n verkennende studie is, is ’n gerieflikheidsteekproef gebruik om data te versamel. Die minimum steekproefgrootte is 250 en die maksimum is 400 individue. Die steekproefgrootte is gebaseer op ’n gemiddeld van die steekproefgroottes van die studies wat in die literatuuroorsig genoem is. Daar is gepoog om die steekproefsamestelling op so ’n manier te bestuur dat vergelykbare getalle respondente in terme van ouderdom,

geslag, taal (Afrikaanssprekend en nie-Afrikaanssprekend) ensovoorts ingesamel kon word.

3.4. Navorsingsinstrumente

3.4.1. Die instrument

Elektroniese en gedrukte vraelyste is gebruik om data in te samel. Ek het my eie instrument ontwikkel, maar het sommige van die items vanuit die studies wat in die literatuuroorsig genoem is, geleen. Daar is ’n Engelse elektroniese en gedrukte vraelys. Die vraelys het eerstens basiese biografiese data versamel. Tweedens is data oor houdings en persepsies van taal en tale oor die algemeen in Namibië deur Likert-skaalitems versamel. Derdens handel die vraelys oor wat die respondent spesifiek oor Afrikaans in Khomas/Namibië dink. Aan die einde van die vraelys is daar ’n oop vraag: "Enige ander kommentaar?" (sien Bylaag 1).

3.4.2. Rede vir Engelse vraelys

’n Belangrike element van die vraelys is dat geen respondent méér aangespreek of minder ingesluit moet voel as die volgende respondent nie, want die onbeheerbare veranderlikes moet tot die absolute minimum beperk word. Hoewel die Afrikaansmagtige respondent moontlik nie ’n probleem met ’n tweetalige vraelys sou hê nie, kan ons nie van dieselfde stand van sake verseker wees met ’n respondent wat Afrikaans nie magtig is nie. Met "probleem" bedoel ek nie dat die respondent opstandig mag word omdat hy/sy voel dat die een of ander taalreg aangetas is nie. Dit gaan gewoon om ’n neutrale en gelyke insluiting van alle respondente. As ons alle respondente presies ewe ingesluit wil laat voel deur van ’n meertalige vraelys gebruik te

maak, moet die vraelys in al die betrokke tale vertaal word, en nie net in een van hulle nie. Met Engels (as amptelike taal) het ons een taal waarmee ons al die respondente oor dieselfde kam kan skeer.

3.4.3. Struktuur en inhoud van die vraelys

Die vraelys bestaan uit die volgende afdelings en items. By elke item word die motiverings verskaf.

A) INFORMATION ABOUT YOURSELF

Motivering: Die eerste afdeling van die vraelys samel biografiese inligting in (steeds anoniem).

1. ***What is your gender?***
2. ***What is your age?***
3. ***What is your highest qualification?***

   Motivering: Die bogenoemde drie items is belangrike veranderlikes wat gebruik kan word om ’n vergelyking te tref tussen verskeie geslagte; ouderdomsgroepe; of respondente se vlak van geleerdheid, se houdings teenoor tale en spesifiek Afrikaans in Namibië.

4. ***How long have you been living in the Khomas Region now?***

   Motivering: Hierdie item is in die studie ingesluit om nie-inwoners van die Khomasstreek wat die studie voltooi het, se vraelyste uit te haal vóór dataverwerking plaasvind, want die studie fokus slegs op inwoners wat tans in die Khomasstreek bly. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 73) se taalhoudingstudie.

5. ***Where have you lived before?***

Motivering: Die respondente moet aandui of hul al hul lewe lank in die Khomasstreek bly, of dalk in van die ander dertien streke van Namibië, of in ’n ander land of lande gebly het. Hieruit kan mens moontlik in ’n mate sien hoekom respondente spesifieke houdings teenoor sekere tale het.

6. ***How competent would you say you are in the following languages?***

   Motivering: Die respondent moet aandui of hy/sy vlot, gevorderd, goed, intermediêr, basies, minimaal of onbevoeg is in die gegewe tale (Afrikaans, Engels, Duits, Khoekhoe-gowab, Oshiwambo, Otjiherero, Rukwangali, Setswana, Silozi) om uit te vind watter tale dié repondent alles kan praat. Die item is geleen en aangepas uit Parker (2015, p. 119) se taalhoudingstudie.

7. ***By your estimation, how often are the following languages used at your home?***

   Motivering: Respondente moet op ’n skaal van 0 – 100% aandui hoe gereeld hul die bogenoemde tale by hul huise gebruik om uit te vind watter taal/tale hul die meeste by die huis gebruik. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 79) se taalhoudingstudie.

8. ***By your estimation, how often do you use the following languages outside your home (in town, in social circles, at work, etc.)?***

   Motivering: Respondente moet op ’n skaal van 0 – 100% aandui hoe gereeld hul die bogenoemde tale buite hul huise gebruik om uit te vind watter taal/tale hul die meeste buite die huis (dorp, werk, sosiale kringe ens.) gebruik. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 79) se taalhoudingstudie.

9. ***Which language(s) would you consider to be your first language(s)?***

   Motivering: Party mense het ’n spesifieke moedertaal, maar ag een van die ander tale wat hul kan praat eerder hoër/belangriker en die ander taal word dan gesien as

hul “eerste taal”. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 74) se taalhoudingstudie.

10. ***In which language do you think?***

    Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel na watter taal die Khomasstreek-inwoners gebruik wanneer hul dink. Dit sou interessant wees om te sien of dit korreleer met hul antwoord(e) by item 9.

11. ***If you get angry or emotional, which language do you tend to use?***

    Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel watter taal die Khomasstreek-inwoners gebruik wanneer hul kwaad of emosioneel raak. Dit sou interessant wees om te sien of dit korreleer met hul antwoord(e) by item 9.

12. ***If you pray, which language do you tend to use?***

    Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel na watter taal die Khomasstreek-inwoners gebruik wanneer hul bid. Dit sou interessant wees om te sien of dit korreleer met hul antwoord(e) by item 9.

13. ***How do you decide which language you will use when you have to address someone you don’t know for the first time, like on the street or in a business or shop (at a counter or at the till, etc.)***

    Motivering: Uit hierdie item kan mens moontlik aflei hoe respondente besluit watter taal om in sodanige situasies te gebruik.

14. ***If you could choose, in which language would you prefer to be taught OR your children to be taught (when attending school, university, etc.)?***

    Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel na watter taal die Khomasstreek-inwoners verkies waarin hul of hul kinders onderrig moet word. Dit

sou interessant wees om te sien of dit korreleer met hul antwoord(e) by item 9. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 81) se taalhoudingstudie.

15. ***In which language do you express your needs, feelings and emotions the best?***

Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel na watter taal die Khomasstreek-inwoners gebruik om hul behoeftes, gevoelens en emosies die beste te kan uitdruk. Dit sou interessant wees om te sien of dit korreleer met hul antwoord(e) by item 9.

B) WHAT YOU THINK ABOUT LANGUAGE AND LANGUAGES IN KHOMAS/NAMIBIA

Motivering: Die idee van Likert-skaalitems is geleen en aangepas uit Schlettwein (2015) se taalhoudingstudie. Respondente moet telkens aandui tot watter mate hulle met die gegewe stellings oor verskeie tale in Khomas/Namibië saamstem of nie. Gevolglik kan hul houdings gemeet word na aanleiding van hul onderskeie response op die stellings.

16. ***It is an advantage to be educated in a language you know best.***

Motivering: Hiermee word daar ondersoek ingestel of die Khomasstreek-inwoners ten gunste daarvan is (of nie) om opgevoed te word in ’n taal wat hul die beste ken.

17. ***Namibia should strive to become a monolingual English country.***

Motivering: Hierdie item toets respondente se houding teenoor Engels as die enigste taal in Namibië en gevolglik teenoor ander tale se plek in Namibië. Die

item is geleen en aangepas uit Schlettwein (2015, p. 98) en Maartens (1997, p. 66) se taalhoudingstudies.

18. ***It is an advantage to speak and understand more than one language in Namibia.***

    Motivering: Hierdie item ondersoek of ’n Khomasstreek-inwoner voel dat hy/sy daarby baat om in verskeie tale te kan kommunikeer in Namibië, of nie. Die item is geleen en aangepas uit Schlettwein (2015, p. 99) se taalhoudingstudie.

19. ***Multilingualism is an important feature of Namibia’s identity.***

    Motivering: Respondente moet aandui of hul saamstem dat meertaligheid ’n belangrike kenmerk van Namibië as land is, bv. wat die ekonomie, toerisme, ens. betref.

20. ***Which language or languages do you regard as the most important language or languages in Namibia?***

    Motivering: Hierdie item toets respondente se siening oor die belangrikste taal of tale in Namibië.

C) WHAT YOU THINK ABOUT AFRIKAANS IN KHOMAS/NAMIBIA

Motivering: Die idee van Likert-skaalitems is geleen en aangepas uit Schlettwein (2015) se taalhoudingstudie. Respondente moet telkens aandui in watter mate hulle met die gegewe stellings oor Afrikaans in Khomas/Namibië saamstem of nie. Gevolglik kan hul houdings gemeet word na aanleiding van hul onderskeie response op die stellings in die onderskeie items.

21. ***Which language is the most romantic or sexy language for you?***

Motivering: Hierdie item oor watter taal die mees romantiese taal is, is interessantheidshalwe ingesluit om die ernstige toon ’n bietjie te verlig. Die item is geleen en aangepas uit Maartens (1997, p. 61) se taalhoudingstudie.

22. ***I would advise someone who doesn’t speak Afrikaans to learn Afrikaans rather than to learn another language (except for English).***

Motivering: Hierdie item poog om uit te vind of respondente dink dat nie-Afrikaanssprekendes daarby sou baat (of nie) om Afrikaans eerder as ’n ander nasionale Namibiese taal aan te leer (behalwe Engels). Die item is geleen en aangepas uit Belmihoub (2018, p. 170) se taalhoudingstudie.

23. ***It is useful to be competent in Afrikaans in the business environment in the Khomas Region.***

Motivering: Hierdie item poog om uit te vind of respondente dink dat Afrikaans nog van belang is in die besigheidswêreld in die Khomasstreek.

24. ***It is useful to know Afrikaans in the Khomas Region if you are looking for employment.***

Motivering: Hierdie item poog om uit te vind of respondente glo mens moet bevoeg wees in Afrikaans indien jy werk wil vind in die Khomasstreek.

25. ***It is good that Afrikaans is offered as an option in some schools in Namibia and at some tertiary education institutions like the University of Namibia.***

Motivering: Hieruit kan mens sien of die respondente glo dat dit goed is dat Afrikaans nog as ’n vak in sekere Namibiese skole en aan die Universiteit van Namibië aangebied word.

26. ***Afrikaans does not belong in Namibia.***

Motivering: Hieruit kan mens sien of die inwoners dink/glo dat Afrikaans (nog) in Namibië hoort (of nie) en dus ook wat hul houding teenoor die voortbestaan van Afrikaans is. Die item is geleen en aangepas uit Parker (2015, p. 121) se taalhoudingstudie.

27. ***Afrikaans is a language that is used as a common language between speakers whose native languages are different from one another (i.e. as a lingua franca) in the Khomas Region.***

Motivering: Hierdie item se response kan moontlik aandui of Afrikaans steeds die lingua franca in Namibië is, en of dit dalk deur Engels vervang is.[3]

28. ***Afrikaans is the language of the colonial oppressor.***

Motivering: Hiermee wil die navorser uitvind of mense dink dat Afrikaans die taal van die koloniale onderdrukker is. Afhangende van watter opsie hul kies, kan daar moontlik afgelei word hoekom hul 'n bepaalde houding teenoor, of persepsie oor Afrikaans het.

29. ***Afrikaans is an indigenous language in Namibia. (An indigenous language would be from a linguistically distinct community that has settled in the area for many generations).***

[3] Sien "Agtergrond van die studie" (1.1).

30. **Motivering:** Hieruit kan mens sien of die respondente van oordeel is dat Afrikaans ’n inheemse taal in Namibië is, dus ’n taal wat al vir baie generasies gevestig is in die spesifieke area.

31. ***Afrikaans connects people from different cultural groups.***

    Motivering: Hieruit kan mens sien of die respondente van oordeel is dat Afrikaans ’n verbindingstaal is tussen mense van verskillende kulturele groepe.

32. ***Afrikaans is part of the national heritage of Namibia.***

    Motivering: Hieruit kan mens sien of die respondente van oordeel is dat Afrikaans deel is van Namibië se nasionale erfenis.

33. ***I enjoy hearing Afrikaans.***

    Motivering: Hierdie stelling poog om uit te vind of respondente daarvan hou of dit geniet om Afrikaans te hoor, of daarna te luister. Die item is geleen en aangepas uit Belmihoub (2018, p. 170) en Parker (2015, p. 121) se taalhoudingstudies.

34. ***If I have children, I would like to see that they also learn Afrikaans.***

    Motivering: Hieruit kan mens sien of die respondente graag sou wou hê dat hul kinders ook Afrikaans aanleer. Die item is geleen en aangepas uit Pienaar-Louw (1997, p. 81) en Schlettwein (2015, p. 101) se taalhoudingstudies. Daar is ook onderliggende verbande tussen items 14, 16, 25 en 33 wat sekere houdings kan openbaar.

35. ***Afrikaans will become extinct (die out) in 30 years from now.***

    Motivering: Hieruit kan mens sien wat die inwoners van die toekoms van Afrikaans dink, dus ook wat hul houding teenoor die voortbestaan van Afrikaans is.

36. ***How did Afrikaans come to be in Namibia?***

Motivering: Hiermee wil die navorser uitvind of mense weet wanneer en hoe Afrikaans na Namibië gekom het (herkoms van Afrikaans). Afhangende van watter opsie hul kies, kan daar moontlik afgelei word hoekom hul ’n bepaalde houding teenoor, of persepsie oor Afrikaans het. Daar is ook onderliggende verbande tussen items 28, 29 en 35 wat die rede vir sekere houdings kan openbaar.

37. ***How often do you hear Afrikaans?***

Motivering: Hierdie item toets hoe gereeld die respondent Afrikaans hoor om te sien of Afrikaans baie – en in verskeie situasies – gepraat word.

38. ***Do you have any comments?***

Motivering: Respondente kry hier die kans om kommentaar te lewer oor enige aspek van die vraelys, oor Afrikaans of oor tale in die algemeen.

3.5. Prosedure

Die vraelys het ’n loodsondersoek ondergaan om enige moontlike probleme te identifiseer en op te los voordat dit versprei is. Die elektroniese vraelyste (Google Forms) is versprei per e-pos, WhatsApp, Facebook, en Instagram, terwyl die gedrukte vraelyste per hand aan potensiële respondente versprei is wat nie toegang tot die elektroniese vraelys gehad het nie. Daar is ’n vraag in die biografiese gedeelte van die vraelys wat van die respondent vereis om aan te dui hoe lank hy/sy al in die Khomasstreek woon. Dit het verseker dat enige vraelyste van nie-inwoners van die Khomasstreek by die data-analise uitgesluit kon word. ’n Aparte dokument het die

vraelys, wat inligting oor die studie bevat het, asook my kontakbesonderhede indien iemand iets wou vra, vergesel. Laastens was daar ook ’n deelnemer-verklaring wat deur die deelnemer onderteken moet word, asook ’n navorser-verklaring wat deur my onderteken is. Laasgenoemde dokument is met ontvangs daarvan dadelik opsy gesit en apart gehou van die vraelyste, wat anonimiteit steeds verseker (sien Bylaag 2).

3.5.1. Loodsondersoek

Tydens die loodsondersoek (1 April tot 30 April 2020) is daar sekere probleme geïdentifiseer en reggestel voordat die finale vraelys versprei is. Die loodsondersoek is gedoen op die elektroniese én die gedrukte vraelys. Sewe studente van UNAM het die elektroniese vraelys beantwoord. Ses respondente het die gedrukte vraelys beantwoord – laasgenoemde is nie inwoners van die Khomasstreek nie – die rede hiervoor is dat die respondente van die loodsondersoek nie in die hoofstudie gebruik mag word nie.

Die volgende probleme het na vore gekom, wat reggestel is, soos aangedui:

Gedrukte vraelys:

- Die deelnemer-verklaring het aanvanklik op die eerste bladsy verskyn, maar dit sou veroorsaak dat die studie nie anoniem is nie en daarom is beide verklarings na die aangehegte dokument “Participant Information Leaflet and Consent Form” geskuif.
- Afdeling B en C se beskrywing is effens verander om meer verstaanbaar te wees. Daar het aanvanklik gestaan “Below are some statements about language and languages in Khomas/Namibia. Indicate to what extent you agree with each statement by making an X in the appropriate space in the table following the statement”. Dit is verander na “Below are some statements about language and

languages in Khomas/Namibia. Indicate to what extent you agree with each statement, according to your opinion, by making an X in the appropriate space in the table following the statement."

- Tydens die drukproses het ek per abuis item 5 uitgevee, maar ek het vir respondente laat weet wat die item was.
- Een respondent het oor item 9 gevra wat presies bedoel word met die term "indigenous language", byvoorbeeld is dit 'n taal wat aanvanklik net in Namibië ontstaan het, of is dit al die inheemse tale wat hier gepraat word, selfs al het die taal elders ontspring/ontstaan? Ek het daarom 'n verklarende definisie onder die stelling ingevoeg, naamlik "An indigenous language would be from a linguistically distinct community that has settled in the area for many generations."

Aanlyn vraelys:

- 'n Respondent het per e-pos die taal gekorrigeer ("is" in plaas van "are") onder die "NOTE"-deel van die aanlyn vraelys waar staan dat hul die skerm nog meer na regs moet skuif "swipe" indien hul die vraelys op hul selfone beantwoord.
- Die tydsduur is aangepas vanaf "The questionnaire should take you approximately between 10 and 20 minutes to complete" na "The questionnaire consists mainly of questions where you have to select a certain answer and you don't have to type anything, except for the last question where you can leave a comment if you want to. The questionnaire should take you approximately 10 minutes to complete." Die inligtingsparagraaf is ook in kleiner dele opgedeel.
- Daar het aanvanklik by die deelnemer-verklaring die volgende gestaan: "a) I have read this information and consent form and it is written in a language with which I

am fluent and comfortable; b) I have had the opportunity to ask questions by e-mail and all my questions have been adequately answered."
'n Respondent het per e-pos laat weet dat paragraaf b verwarring veroorsaaak omdat hy/sy nog nie teen dié tyd vrae oor die vraelys kon vra en dus nie kon weet of dit dienooreenkomstig beantwoord is nie. Paragraaf a en b is soos volg verander: "a) I have read the information and consent form in the link above and it is written in a language in which I am fluent and comfortable; b) I have had the opportunity to ask questions about the information and consent form by e-mail and all my questions have been adequately answered."

- Item 1 tot 3 is verander na "What is your gender/age/highest qualification" en nie net die enkele woorde nie.
- Die opsie by item 5.1 van "Another country" is uitgehaal, want dit word by item 5.2 gevra: "If you have lived in another country/countries before, please state which."
- By item 6 is die "Fluent (mother tongue)" opsie verander na "Fluent", want mens kan ook vlot wees in 'n taal wat nie jou moedertaal is nie.
- 'n Ander respondent het vermeld dat daar nie 'n 10%-opsie by item 7 en 8 is nie, maar dit was net omdat die respondent nie verder regs geskuif het op die skerm nie. Ek het die aanvanklike nota wat aan die begin van die vraelys verskyn, ook by hierdie twee vrae gevoeg.
- Item 9 is verander vanaf "What is the first language that you learned as a child?" na "Which language(s) would you consider to be your first language(s)?" omdat dit vir sekere mense kan verskil van die eerste taal wat hul as 'n kind aangeleer het.

- Item 13 het ’n opsie, naamlik “I don’t speak” gehad, maar dit is vervang met “I wait for the other person to speak and then use that language if I am competent in the language.”
- Item 27 is herformuleer ter wille van duidelikheid, vanaf “Afrikaans is a lingua franca (language of general communication) in the Khomas Region” na “Afrikaans is a language that is used as a common language between speakers whose native languages are different from one another (i.e. as a lingua franca) in the Khomas Region.”

3.6. Data-analise

Die data wat vir hierdie studie ingesamel is, is aan die hand van frekwensietabelle ontleed en verwerk in beskrywende statistiek, asook staafgrafieke, sirkeldiagramme en tabelle.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSETIEK

Die navorsingsetiek van hierdie studie word in hierdie hoofstuk bespreek.

Respondente se deelname was vrywillig met die opsie om enige tyd te onttrek, met geen negatiewe gevolge nie. Geen biografiese data wat ’n individu identifiseer (naam, identiteitsnommer, adres, ens.) is op die vraelys self gevra nie en daarom word volle anonimiteit verseker. Google Forms is ’n aanlyn vraelys waar die e-posadres van deelnemers nie in een van die antwoorde verskyn nie; slegs die datum en tyd waarop die vraelys beantwoord is. ’n Skakel na die aanlyn vraelys is via sosiale media en e-pos versprei. Sodra die deelnemer toegang tot die vraelys met die skakel verkry het, sou sy/haar e-posadres nêrens gestoor word nie. Die volledige teks van Aanhangsel 5 (*PARTICIPANT INFORMATION LEAFLET AND CONSENT FORM)* kon met behulp van ’n skakel aan die begin van die aanlyn vraelys besigtig word en "Punt 9: Verklaring deur deelnemer" is herformuleer soos die "Addendum tot Aanhangsel 5" wat aan UREC (University Research Ethics Committee) voorgelê is. Die deelnemer moes die verklaring bevestig deur JA of NEE te kies. Die klik van een van die twee antwoorde is ’n vereiste veld (*) en die deelnemer kan nie na enige van die vraelysskerms gaan as daar op geen van die twee antwoorde of op die antwoord “NEE” geklik is nie. ’n Addendum wat die inhoud van Aanhangsel 5 bevat, word ook saam met elke gedrukte vraelys uitgegee, en die verklarings deur die deelnemer en die navorser wat geteken moet word, verskyn ook daarop. Die addendums en vraelyste is egter apart ingegee om anonimiteit te behou.

Inligting wat ingesamel is, is slegs gebruik vir die doeleindes van hierdie studie en uiteindelike verwante publikasies. Datarekords word veilig geberg, en toegang daartoe is

slegs deur die navorser en studieleiers moontlik. Alle rekords word op die laatste vyf jaar ná voltooiing van die navorsing vernietig. Navorsing het eers begin nadat etiese klaring vanaf die UNAM Navorsingsetiekkomitee verkry is. Kyk Bylaag 4 vir die sertifikaat van etiese klaring.

HOOFSTUK 5: RESULTATE

In hierdie hoofstuk word die resultate as beskrywende statistiek en in tabelle en grafieke uiteengesit.

Die vraelys het 300 respondente gehad – 266 response op die elektroniese vraelys en 34 response op die hardekopievraelys. Daar is egter 25 vraelyste wat nie aan die kriterium, naamlik dat die respondent tans in die Khomasstreek bly, voldoen het nie. Die data wat dus hier beskryf word, is net die data van die 275 kwalifiserende vraelyste.

Net item 1 tot 4 en item 35 en 36 is verpligte velde (op die elektroniese vraelys). By die ander vrae was daar dus gevalle waar respondente niks ingevul/gekies het nie. Dit is by die beskrywende statistiek telkens aangedui hoeveel respondente die item onbeantwoord gelaat het. By alle grafieke en tabelle in hierdie hoofstuk is die geldige persentasie gebruik ("geldige persentasie" verteenwoordig die persentasie wanneer ontbrekende data uitgesluit word van die berekeninge).

5.1. Item 1 tot 5: Biografiese inligting

Die studie het 187 vroulike respondente en 88 manlike respondente opgelewer (item 1), waarvan 70 in die ouderdomskategorie van 18-28 jaar val; 39 in die ouderdomskategorie van 29-39 jaar; 57 in die ouderdomskategorie van 40-50 jaar; 53 in die ouderdomskategorie van 51-61 jaar; 46 in die ouderdomskategorie van 62-72 jaar; 9 in die ouderdomskategorie van 73-83 jaar en 1 van ouer as 83 jaar (item 2).

Item 3 was ’n navraag oor die respondent se hoogste vlak van geleerdheid. Twee respondente het geen formele onderrig ontvang nie, drie respondente het Graad 10 en 46

respondente het Graad 12 as hoogste kwalifikasie. Agt respondente het ’n vakleerlingskap en beroepsopleiding. Die hoogste kwalifikasie van 111 respondente is ’n diploma of graad, terwyl 105 respondente ’n nagraadse kwalifikasie het.

Item 4 se resultate het getoon dat 23 van die respondente al vir vyf jaar of minder in die Khomasstreek woon, 27 woon al 6 tot 10 jaar daar, 59 woon al 11 tot 20 jaar in dié streek, 41 woon al 21 tot 25 jaar in die Khomasstreek. Verder was daar 28 respondente wat aangedui het dat hul al 26 tot 30 jaar in die Khomasstreek woon en 97 het aangedui dat hul langer as 30 jaar in dié streek woon. Dit is ook by hierdie item waar die twee opsies was wat die respondente wat nie tans in die Khomasstreek woon nie, uitskakel: “Ek woon nie tans in die Khomasstreek nie, maar ek het voorheen daar gewoon” en “Ek woon nie in die Khomasstreek nie en het nog nooit daar gewoon nie.”

Die respondente moes by item 5 aandui in watter streke hul al vantevore gewoon het. Volgens die data woon 102 respondente al hul lewe lank in die Khomasstreek, 33 respondente het al in Erongo gewoon, 15 in Hardap, 2 in Kavango-Oos, 11 in Karas, 4 in Kunene, 14 in Omaheke, 2 in Omusati, 2 in Oshana, 8 in Oshikoto, 16 in Otjozondjupa en 1 in die Zambezi-streek. Daar was egter 65 respondente wat die item oopgelaat het.

By die tweede deel van item 5 het 154 respondente aangedui dat hul voorheen in ander lande gewoon het.

5.2. Item 6 tot 15: Inligting rakende respondent se taalbevoegdheid en taalvoorkeure

Item 6 handel oor die respondent se bevoegdheid in verskeie Namibiese inheemse tale. Die resultate verskyn in figuur 3.



Figuur 3: Bevoegdheid in verskeie tale

Hierdie grafiek toon die persentasie bevoegdheid in die verskillende Namibiese inheemse tale van die steekproef. Die meerderheid van die respondente is bevoeg (vlot/gevorderd/goed) in Afrikaans, Engels en Duits.

Item 7 handel oor hoe gereeld die respondent verskeie Namibiese inheemse tale by sy/haar huis gebruik. Die resultate verskyn in figuur 4.



Figuur 4: Gebruik van verskeie tale by die huis

Hierdie grafiek toon op die Y-as die persentasie respondente en op die X-as die persentasie van hoe gereeld dié respondente die verskillende Namibiese inheemse tale by sy/haar huis gebruik. Die meerderheid van die steekproef gebruik meestal Afrikaans, Engels en Duits by die huis.

Item 8 handel oor hoe gereeld die respondent verskeie Namibiese inheemse tale buite die huis gebruik. Die resultate verskyn in figuur 5.



Figuur 5: Gebruik van verskeie tale buite die huis

Hierdie grafiek toon op die Y-as die persentasie respondente en op die X-as die persentasie van hoe gereeld dié respondente die verskillende Namibiese inheemse tale buite sy/haar huis gebruik. Die meerderheid van die steekproef gebruik meestal Afrikaans, Engels en Duits buite die huis.

Item 9 handel oor watter taal/tale die respondent as sy/haar eerste taal/tale beskou. Die resultate word in hierdie tabel as die hoeveelheid respondente weergegee.

Tabel 1: Respondente se eerste taal/tale

Afrikaans en Engels	34
Engels en Duits	6
Engels en Oshiwambo	1
Engels en Otjiherero	1
Afrikaans, Engels en Duits	7
Afrikaans en Duits	6
Engels, Oshiwambo en Otjiherero	1
Afrikaans en Khoekhoegowab	1
Afrikaans	174
Engels	11
Duits	29
Oshiwambo	2
Otjiherero	2

By item 10 moes die respondent aandui in watter taal hul dink. Die resultate word in hierdie tabel as die hoeveelheid respondente weergegee.

Tabel 2: Die taal/tale waarin respondente dink

Afrikaans en Engels	41
Afrikaans, Engels en Duits	16

Engels en Duits	19
Afrikaans en Oshiwambo	2
Afrikaans en Duits	4
Afrikaans	154
Engels	22
Duits	11
Khoekhoegowab	1
Oshiwambo	1
Otjiherero	1
Silozi	1
Nie ingevul nie	2

Item 11 is ’n navraag oor watter taal die respondent geneig is om te gebruik as hul kwaad of emosioneel raak. Die resultate word in hierdie tabel as die hoeveelheid respondente weergegee.

Tabel 3: Die taal wat respondente gebruik wanneer hul kwaad of emosioneel raak

Afrikaans en Engels	37
Engels en Duits	11
Afrikaans, Engels en Duits	7
Engels en Oshiwambo	1
Afrikaans en Duits	2
Afrikaans, Engels en Oshiwambo	1

Afrikaans, Khoekhoewogab, Oshiwambo en Otjiherero	1
Afrikaans	177
Engels	19
Duits	16
Khoekhoegowab	1
Oshiwambo	1
Nie ingevul nie	1

Die respondente moes by item 12 aandui watter taal hul gebruik as hul bid.

Tabel 4: Taal wat respondente gebruik as hul bid

Afrikaans en Engels	29
Engels en Duits	7
Engels en Oshiwambo	1
Afrikaans en Duits	1
Afrikaans, Engels en Oshiwambo	1
Afrikaans en Khoekhoegowab	2
Engels en Otjiherero	1
Afrikaans	164
Engels	25
Duits	25
Otjiherero	1
Nie ingevul nie	18

Item 13: Hoe besluit jy watter taal om te gebruik wanneer jy iemand wat jy nie ken nie vir die eerste keer moet aanspreek, soos op straat of in ’n besigheid of winkel (bv. by ’n toonbank). Die opsies was soos volg:

- Ek gebruik altyd Engels (selfs al weet ek watter taal hulle praat en al is ek bevoeg in daardie taal).
- Ek probeer raai aan watter taalgroep hulle behoort volgens hoe hulle lyk, en as ek (ten volle) bevoeg is in daardie taal, gebruik ek dit.
- As ek hoor dat hulle ’n taal gebruik waarin ek (ten volle) bevoeg is, gebruik ek daardie taal.
- As dit lyk of hulle ’n taal praat waarin ek nie (ten volle) bevoeg is nie, gebruik ek Engels.
- As dit lyk of hulle 'n taal praat waarin ek nie (ten volle) bevoeg is nie, gebruik ek Afrikaans.
- Ek gebruik altyd Afrikaans (selfs al weet ek watter taal hulle praat en ek is bevoeg in daardie taal).
- Ek wag vir die ander persoon om te praat en dan gebruik ek daardie taal as ek bevoeg is daarin.

Die meerderheid respondente het die opsie gekies dat hul altyd Engels praat, selfs al kan hul die ander persoon se taal praat (92 respondente). Die opsie wat die tweede meeste gekies is, is die een waar die respondent Engels gebruik indien die ander persoon ’n taal praat waarin die respondent nie heeltemal bevoeg is nie (85 respondente). Die opsie waar die respondent eers luister of die ander persoon ’n taal gebruik waarin hul ten volle bevoeg is, en dan daardie taal gebruik, is die derde meeste gekies (79 respondente). By

item 13 kon respondente meer as een opsie kies. Die bogenoemde data is slegs 'n samevatting van die drie opsies wat die meeste respondente gekies het, en dit word in figuur 6 in persentasie weergegee. Die bogenoemde hoeveelheid respondente is saamgetel (256) en die onderstaande persentasies is daarvolgens uitgewerk.



Figuur 6: Voorkeurtaal wanneer jy iemand aanspreek

Item 14: As jy kon kies, in watter taal sou jy verkies om onderrig te word OF waarin jou kinders onderrig moet word (wanneer jy skool, universiteit, ens. bywoon).

Tabel 5: Gekose onderrigtaal

Afrikaans en Engels	56
Afrikaans, Engels en Duits	6
Afrikaans en Duits	15
Afrikaans en Oshiwambo	1

Engels en Duits	8
Engels en Oshiwambo	2
Oshiwambo en Otjiherero	1
Afrikaans, Engels, Duits, Oshiwambo en Otjiherero	4
Afrikaans, Engels, Duits en Oshiwambo	2
Afrikaans, Engels, Duits en Otjiherero	2
Afrikaans en Setswana	1
Afrikaans	70
Engels	99
Duits	5
Khoekhoegowab	1
Oshiwambo	1
Nie ingevul nie	1

Item 15: In watter taal druk jy jou behoeftes, gevoelens en emosies die beste uit?

Tabel 6: Taal wat respondente gebruik om hul behoeftes, gevoelens en emosies uit te druk

Afrikaans en Engels	39
Afrikaans, Engels en Duits	10
Afrikaans en Duits	3
Engels en Duits	14
Engels en Oshiwambo	1

Afrikaans	162
Engels	31
Duits	11
Khoekhoegowab	1
Otjiherero	2
Nie ingevul nie	1

5.3. Item 16 tot 21: Taal/tale in Khomas, Namibië

Die respondente moes kies of hul met die volgende stellings saamstem of nie. Die resultate word in figuur 7 tot 10 uitgebeeld.

16. Dit is ’n voordeel om onderrig te word in ’n taal wat jy die beste ken.



Figuur 7: Item 16 se resultate

17. Namibië moet daarna streef om ’n eentalige Engelse land te word.



Figuur 8: Item 17 se resultate

18. Dit is ’n voordeel om meer as een taal in Namibië te praat en te verstaan.



Figuur 9: Item 18 se resultate

19. Meertaligheid is ’n belangrike kenmerk van Namibië se identiteit.



Figuur 10: Item 19 se resultate

Item 20 was ’n vraag oor watter taal die respondent as die belangrikste taal in Namibië beskou. Die resultate word in hierdie tabel as die hoeveelheid respondente weergegee.

Tabel 7: Die belangrikheid van Namibië se tale

Taal	**Respondente**
Afrikaans en Engels	45
Afrikaans en Duits	4
Engels en Duits	2
Engels en Oshiwambo	4
Afrikaans, Engels en Duits	24
Afrikaans, Engels en Oshiwambo	20

Engels en Oshiwambo	2
Oshiwambo en Otjiherero	1
Afrikaans, Engels, Oshiwambo en Otjiherero	7
Afrikaans, Engels, Duits, Oshiwambo en Otjiherero	7
Afrikaans, Engels, Duits en Oshiwambo	25
Alle tale	20
Afrikaans, Engels, Duits, Khoekhoegowab, Oshiwambo en Otjiherero	12
Afrikaans, Engels, Duits, Oshiwambo en Otjiherero	19
Afrikaans, Engels, Duits, Oshiwambo, Otjiherero en Rukwangali	2
Engels, Oshiwambo en Otjiherero	2
Afrikaans, Engels, Duits en Khoekhoegowab	1
Afrikaans, Engels, Khoekhoegowab, Oshiwambo en Otjiherero	2
Afrikaans, Engels, Duits, Khoekhoegowab en Otjiherero	1
Engels, Khoekhoegowab, Oshiwambo en Otjiherero	1
Engels, Duits, Oshiwambo en Otjiherero	1

Afrikaans, Engels, Duits, Khoekhoegowab, Oshiwambo en Otjiherero	5
Afrikaans, Engels, Duits, Khoekhoegowab, Oshiwambo, Otjiherero en Rukwangali	1
Almal behalwe Setswana	1
Almal behalwe Khoekhoegowab en Setswana	1
Afrikaans	9
Engels	47
Niks ingevul nie	9

Volgens die respondente is Engels, Afrikaans, Oshiwambo, Duits en Otjiherero die belangrikste tale in Namibië.

Tabel 8: Die vyf belangrikste tale in Namibië

Taal	**Respondente**
Engels	252
Afrikaans	206
Oshiwambo	133
Duits	126
Otjiherero	82

Item 21 – watter taal is die mees romantiese taal volgens die respondent – se resultate lyk soos volg:



Figuur 11: Die mees romantiese taal

5.4. Item 22 tot 34: Afrikaans in Khomas, Namibië

Item 22 tot 34 is Likert-skaalitems waar respondente op ’n skaal moes aandui tot watter mate hul met ’n stelling saamstem, al dan nie. Die resultate word in die volgende grafieke weergegee.

Die stellings het soos volg daar uitgesien:

22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).

23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.

24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.

25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.

26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.

27. Afrikaans is ’n taal wat in die Khomasstreek gebruik word as ’n gemeenskaplike taal tussen sprekers wie se moedertaal van mekaar verskil (d.w.s. as ’n lingua franca).

28. Afrikaans is die taal van die koloniale onderdrukker.



Figuur 12: Item 22 tot 28 se resultate

Die stellings het soos volg daar uitgesien:

29. Afrikaans is ’n inheemse taal in Namibië. (’n Inheemse taal sou wees van ’n taalkundig afsonderlike gemeenskap wat hulle vir baie geslagte in die gebied gevestig het).

30. Afrikaans verbind mense van verskillende kultuurgroepe.

31. Afrikaans is deel van die nasionale erfenis van Namibië.

32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.

33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.

34. Afrikaans sal oor 30 jaar van nou af uitsterf.



Figuur 13: Item 29 tot 34 se resultate

5.5. Item 35 tot 37: Ontstaan van Afrikaans in Namibië en algemene kommentaar

Item 35 handel oor die ontstaan van Afrikaans in Namibië, met verskeie opsies waaruit hul kon kies. Hieronder verskyn die opsies, sowel as die hoeveelheid respondente wat die opsies gekies het.

- Afrikaans is aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 90 respondente (33%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Oorlam- en Bastergemeenskappe vóór die koloniale tydperk na Namibië gebring: 88 respondente (32,3%)
- Afrikaans het reeds vóór die koloniale tydperk in Namibië ontstaan: 9 respondente (3,3%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Duitse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Bantu-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 2 respondente (0,7%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Khoi/San-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)
- Ek weet nie: 68 respondente (24,9%)
- Twee respondente het nie die item beantwoord nie.

Dit is opvallend dat die meerderheid (90 respondente/33%) die opsie van die Suid-Afrikaanse kolonialiste gekies het, maar die korrekte opsie (Oorlam en Baster) is darem ook deur 88 respondente gekies. Daar is egter steeds ’n groot hoeveelheid, 68 respondente (24,9%), wat nie weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie. Hierdie

resultate kan moontlike interessante houdings en persepsies toon wanneer ander vrae ook in ag geneem word.

Die bogenoemde data word in figuur 14 ten toon gestel.



Figuur 14: Ontstaan van Afrikaans in Namibië

Die respondente moes in item 36 aandui hoe gereeld hul Afrikaans hoor – 242 het geantwoord dat hul daagliks Afrikaans hoor, 25 byna elke dag, 5 hoor ’n paar keer ’n week Afrikaans en 1 het aangedui dat hy/sy baie selde Afrikaans hoor. Twee het die item onbeantwoord gelaat.

Die laaste item (37) het ’n geleentheid vir die respondente gebied om anoniem kommentaar te lewer rakende die vraelys, studie of tale. Daar is kommentaar gelewer deur 76 van die 275 respondente. Enkele interessante opmerkings word hier verbatim aangebied:

“The questions above were very relevant.”

“We spoke Afrikaans at home, I went to an Afrikaans school and went to university in Afrikaans, and I have never struggled to communicate or felt disadvantaged because I did everything in Afrikaans. I will instil the same proudness for Afrikaans in my children so that the language will never die out.”

“Rather use a good Afrikaans than broken English.”

“My daughter is doing/learning Afrikaans as a Second Language and is now in Grade 7 but the way she is being taught is so discouraging – she gets homework which is bulky and incompressible and when I sent it to a Grade 12 Native Speaker of Afrikaans, she said that this is so difficult for her, and the questions are highly ambiguous. And up to now my daughter cannot even utter the elementary stuff in Afrikaans and as such I ask myself – How is this language being taught and is it worth continuing to allow my daughter to be this frustrated? So, there is a need to really revisit how the language is being taught to cultivate the love for the language.”

“I cannot predict the future, but I would love to see Afrikaans thriving and growing in Namibia.”

“Special effort should be made to promote and defend Afrikaans in Namibia alongside the other indigenous languages, i.e., cultural events, sponsorship of workshops, films, video productions, etc. A newspaper such as the *Republikein* can play a crucial role to promote Afrikaans if it is made freely available online and in schools, colleges, and universities, and not hidden behind a paywall, as the majority of Afrikaans speakers are economically marginalised and impoverished. They can't afford to buy it but would love to read it every day. Afrikaans writers and speakers should be identified in communities and be supported through training schemes to produce cultural products and services in Namibia. An Afrikaans "industry" should be created to help fight poverty and to provide a better living standard to the majority of its speakers and owners of the language in Namibia.”

“We should do anything possible to keep Afrikaans alive and make it grow as a Namibian language.”

“My mother tongue is Afrikaans, but I do not speak it as often as I speak German, English or French.”

“Your research theme seems to imply that you are concerned that Afrikaans may become extinct in Namibia? I think there is no possibility of this happening. I detect this tendency in many of my very Afrikaans friends.”

“I am interested in the results of this study.”

“I consider Afrikaans an important language of expression in literature, poetry, music and pop-culture in Namibia. I write poetry in Afrikaans.”

“I feel all learners should have the option to be taught in a mother tongue even if only for the first three years.”

“A diverse language environment is beneficial for a country. I wish to learn and would like my children/grandchildren to be taught other indigenous languages of my country. All Namibians should be proficient in English, but everyone should be encouraged to love/use freely/be able to receive education in his/her mother tongue.”

“I feel like a lot of people associate Afrikaans with oppression, hence they tend to stay away from actually learning the language and its history.”

“It saddens me that Afrikaans is poorly spoken by many people through downright laziness.”

“I believe the more languages you speak and are fluent in, the better you are geared to communicate with the people around you. Also, children should be taught in their mother tongue to be able to fully understand and learn to their best advantage, which unfortunately is mostly not the case in Namibia. Afrikaans is still one of my favourite languages, despite it not being my mother tongue, and I think it is definitely an advantage to speak it.”

“I grew up in Tsumeb (a mining town), was fluently speaking Afrikaans before going to school, just by playing with the neighbour’s child opposite of the yards fence and simultaneously learning the language. Primary school language medium was 100% German & High school language medium was 100% Afrikaans (except 2 other languages as subject). Unfortunately, many Government schools don't offer Afrikaans as a language (also Bible Study) anymore and I was glad that my kids had the option to

choose between French & Afrikaans, when we switched to a Private School. I thought, if they don't learn the Afrikaans language, they will not be able to read the "Blou Bolly" one day. I selected "Neutral" at question 34, as I hope that the language will not extinct – however it may be possible. I strongly believe that every indigenous language of Namibia, played & still plays its role to make what Namibia is today, and that is what we all should nurture."

"Although Afrikaans is my second language, I really like to speak, read and listen to it. I think it is very expressive and there are some words that you cannot replace in any other language, like 'sterkte'. I hope it will stay with us and am quite sure it will."

"I thought the South African settler brought the language here during the Groot trek (sic). But as that option was not available, I said I don't know, nor do I know who the South African Colonists are? Weird question I find it to be quite malevolent."

"Afrikaans is a very expressive language but not a world language unfortunately."

"I worked in a Public Office for 25 years and would address the employees in English but explain procedures, instructions etc. in Afrikaans as they would better understand once explained in Afrikaans."

"From the earliest years through history the English tried their utmost to destroy Afrikaans but could not succeed. As long as it's spoken at home it will grow stronger."

"Ek wens mense wil die taal Afrikaans uitlos en almal gelyk die kans gun om te besluit in watter taal ons wil onderrig wees, asook om op te hou om Afrikaans as die witmens se taal te beskou. Almal kan trots wees op hulle taal. Ek gaan beslis nie verwag mense in

Duitsland moet nie Duits praat nie en ek voel ons word geforseer om altyd in Engels te moet praat, lees of leer. Ek vind dit juis moeiliker om te onthou in Engels as in Afrikaans, so waarom wil ek in Engels onderrig hê as dit my benadeel?"

"Afrikaans sal bly tot in lengte van dae!"

"Uit 'n besigheid perspektief (sic) is Engels die manier om te gaan, want dit is die wêreld se taal so dit kan jou net baat om in Engels te leer, maar dit beteken nie mens praat nie elke dag Afrikaans met mekaar en maak jou kinders in Afrikaans groot nie, ek was in 'n Engelse-medium skool gewees maar tussen klas het almal altyd Afrikaans gepraat met mekaar, en selfs nou op Uni gaan ek klas in Engels, maar Afrikaans is steeds al taal wat mens hoor om jou wat lekker is."

"Die onderrig en gebruik van Afrikaans in Namibië is net so belangrik soos enige een van die ander moedertale. 'n Moedertaal is die kern van die mens. Dit wortel sy oorsprong, sy kultuur en sy latere besluite."

"Afrikaans verdien soos al die ander inheemse tale 'n regmatige plek in Namibië. Lank lewe Afrikaans!"

"Afrikaans is die taal waarin ons praat, baklei, redeneer, droom en bid...dis ons taal en dit krioel van lewe."

"Die ding wat my die hartseerste maak is dat meeste nie ordentlik Afrikaans kan praat nie en sodoende van hulle taal en kultuur stelselmatig vervreemd raak. Ek wens meer mense het geweet van die geskiedenis van Afrikaans wat ontstaan het as 'n kombuistaal en die waardes en geloof van ons voorouers en dit verder kan uitleef in ons moderne tyd.

Ek wens ons kan ’n manier vind om vir die Afrikaner van vandag te laat identifiseer met hulle erfenis en weer trots daarop sal wees en soos die gelofte sê dat ons dit aan ons kinders se kinders sal oordra en vir die toekomende geslagte.”

“Namibiërs moet veg vir Afrikaans!”

“Afrikaans, die wonderlike, moderne, lewendige, pragtige beeldspraak-taal mag nooit ooit verdwyn nie; dit sal ’n groot verlies wees vir die (selfs) wêreld.”

Uit die bogenoemde kommentaar kan daar gesien word dat die respondente uiteenlopende opinies oor tale, en meer spesifiek Afrikaans in die Khomasstreek van Namibië, het. Die meerderheid van hierdie opinies is tog hoofsaaklik die taal goedgesind.

HOOFSTUK 6: BEVINDINGE

In hierdie hoofstuk word die houdings en persepsies van drie verskillende groepe in die Khomasstreek van Namibië vergelyk en gekontrasteer – Afrikaanssprekendes (174 respondente), nie-Afrikaanssprekendes (53 respondente) en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale – 48 respondente). Daar gaan enersyds moontlike verhoudings tussen Khomas-inwoners se persepsies en houdings met betrekking tot taal en tale oor die algemeen ondersoek word, en andersyds gaan hul persepsies en houdings met betrekking tot Afrikaans ondersoek word.

Die 275 respondente is in die bogenoemde drie groepe ingedeel na aanleiding van item 9: Watter taal sou jy as jou eerste taal beskou? Deur middel van drie houdingprofiele, naamlik positief, negatief en neutraal, gaan ek vasstel watter oorhoofse houdings elk van die groepe teenoor Afrikaans het. Daar gaan ook melding gemaak word van verskeie persepsies wat hierdie groepe koester.

By alle besprekings in hierdie hoofstuk is die geldige persentasie van die steekproef of die spesifieke groepe gebruik (die aanduider "geldige persentasie" verteenwoordig die persentasie wanneer ontbrekende data uitgesluit word van die berekeninge).

6.1. Verskillende houdingsprofiele

’n Taalhouding is iemand of ’n groep se evaluering van ’n taal waarin sy/haar voor- en afkeure teenoor die spesifieke taal waargeneem kan word.

Die Likert-skaalitems se response sorg vir ’n spesifieke uitkoms, afhangende van die stelling, asook die opsie wat die respondent gekies het – stem volkome saam, stem saam, neutraal, stem nie saam nie, of stem glad nie saam nie. In die volgende afdelings sal daar

bespreek word watter Likert-skaalitems die spesifieke houdings teenoor tale in die algemeen, asook teenoor Afrikaans bepaal.

6.1.1. Positiewe houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen

'n Positiewe houding word getoon indien respondente saamstem, asook volkome saamstem met die volgende stellings:

16. Dit is 'n voordeel om onderrig te word in 'n taal wat jy die beste ken.

18. Dit is 'n voordeel om meer as een taal in Namibië te praat en te verstaan.

19. Meertaligheid is 'n belangrike kenmerk van Namibië se identiteit.

'n Positiewe houding teenoor Engels word getoon indien respondente saamstem, asook volkome saamstem met die volgende stelling:

17. Namibië moet daarna streef om 'n eentalige Engelse land te word.

'n Positiewe houding teenoor meertaligheid word getoon indien respondente nie saamstem, asook glad nie saamstem met die volgende stelling nie:

17. Namibië moet daarna streef om 'n eentalige Engelse land te word.

6.1.2. Negatiewe houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen

'n Negatiewe houding word getoon indien respondente nie saamstem, asook glad nie saamstem met die volgende stellings nie:

16. Dit is 'n voordeel om onderrig te word in 'n taal wat jy die beste ken.

18. Dit is 'n voordeel om meer as een taal in Namibië te praat en te verstaan.

19. Meertaligheid is ’n belangrike kenmerk van Namibië se identiteit.

’n Negatiewe houding teenoor meertaligheid word getoon indien respondente saamstem, asook volkome saamstem met die volgende stelling:

17. Namibië moet daarna streef om ’n eentalige Engelse land te word.

6.1.3. Neutrale houdingsprofiel teenoor taal en tale in die algemeen

’n Neutrale houding word getoon indien respondente neutraal voel oor die volgende stellings:

16. Dit is ’n voordeel om onderrig te word in ’n taal wat jy die beste ken.

17. Namibië moet daarna streef om ’n eentalige Engelse land te word.

18. Dit is ’n voordeel om meer as een taal in Namibië te praat en te verstaan.

19. Meertaligheid is ’n belangrike kenmerk van Namibië se identiteit.

6.1.4. Positiewe houdingsprofiel teenoor Afrikaans

’n Positiewe houding word getoon indien respondente saamstem, asook volkome saamstem met die volgende stellings:

22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).

23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.

24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en te verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.

25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.

32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.

33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.

’n Positiewe houding word getoon indien respondente nie saamstem, asook glad nie saamstem met die volgende stelling nie:

26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.

6.1.5. Negatiewe houdingsprofiel teenoor Afrikaans

’n Negatiewe houding word getoon indien respondente nie saamstem, asook glad nie saamstem met die volgende stellings nie:

22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).

23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.

24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en te verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.

25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.

32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.

33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.

’n Negatiewe houding word getoon indien respondente saamstem, asook volkome saamstem met die volgende stelling:

26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.

6.1.6. Neutrale houdingsprofiel teenoor Afrikaans

’n Neutrale houding word getoon indien respondente neutraal voel oor die volgende stellings:

22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).

23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.

24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.

25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.

32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.

33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.

6.2. Verskillende groepe se houdings

6.2.1. Volledige steekproef se houdings teenoor taal en tale in die algemeen

Die oorgrote meerderheid van die steekproef het ’n positiewe houding teenoor Namibiese tale in die algemeen, want hulle stem daarmee saam dat dit ’n voordeel is om onderrig te word in ’n taal wat jy die beste ken (item 16 – 90,5%), asook dat dit ’n voordeel is om meer as een taal in Namibië te praat en te verstaan (item 18 – 98,5%) en dat meertaligheid ’n belangrike kenmerk van Namibië se identiteit is (item 19 – 92%). Die steekproef toon ’n positiewe houding teenoor meertaligheid, want 60,6% het nie daarmee saamgestem dat Namibië ’n eentalige Engelse land moet word nie (item 17). Uit die bogenoemde kan afgelei word dat die steekproef ’n oorhoofse positiewe houding teenoor Namibiese tale in die algemeen het – dat hul saamstem dat almal onderrig moet ontvang in die taal wat hy/sy die beste ken, asook dat dit goed is om meer as een taal in Namibië te kan praat en verstaan omdat meertaligheid ’n belangrike kenmerk van Namibië is.

Die steekproef se houding teenoor Engels, Afrikaans, Oshiwambo, Duits en Otjiherero is meer positief as teenoor die ander inheemse tale van Namibië, want item 20 se resultate het getoon dat die respondente die bogenoemde tale (in daardie volgorde) as die belangrikste tale in Namibië beskou. Laasgenoemde bevinding is heel moontlik vanweë die feit dat die meerderheid respondente Engels, Afrikaans en Duits as hul eerste tale aangedui het by item 9.

6.2.2. Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans

Afrikaanssprekendes toon ’n positiewe houding teenoor Afrikaans, want hulle het saamgestem met al die stellings (stem saam en stem volkome saam) wat op ’n positiewe houdingsprofiel dui (item 22, 23, 24, 25, 32, 33), asook nie saamgestem nie met die stellings wat op ’n negatiewe houdingsprofiel dui (item 26).

Tabel 9: Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans

Item en stelling	Stem (volkome) saam	Neutraal	Stem (glad) nie saam nie
22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).	63,6%	26,6%	9,8%
23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.	77,4%	18%	5,2%
24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.	68,8%	22,5%	8,7%
25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige	96%	1,7%	2,3%

tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.			
26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.	0,6%	2,3%	97,1%
32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.	98,8%	1,2%	0%
33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.	74,4%	25%	0,6%

6.2.3. Nie-Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans

Nie-Afrikaanssprekendes toon steeds ’n positiewe houding teenoor Afrikaans, want hulle het saamgestem met al die stellings (stem saam en stem volkome saam) wat op ’n positiewe houdingsprofiel dui (item 22, 23, 24, 25, 32, 33), asook nie saamgestem nie met die stellings wat op ’n negatiewe houdingsprofiel dui (item 26). Hierdie taalgroep se houdings neig egter ook bietjie na ’n neutrale houding teenoor Afrikaans.

Tabel 10: Nie-Afrikaanssprekendes se houdings teenoor Afrikaans

Item en stelling	**Stem (volkome) saam**	**Neutraal**	**Stem (glad) nie saam nie**
22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as	56,6%	32,1%	11,3%

om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).			
23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.	83%	11,3%	5,7%
24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.	73,6%	18,9%	7,5%
25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.	94,3%	5,7%	0%
26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.	0%	3,8%	96,2%
32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.	75,5%	22,6%	1,9%
33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.	32,1%	66%	1,9%

6.2.4. Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) se houdings teenoor Afrikaans

Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) toon ’n positiewe houding teenoor Afrikaans, want hulle het saamgestem met al die stellings (stem saam en stem volkome

saam) wat op ’n positiewe houdingsprofiel dui (item 22, 23, 24, 25, 32, 33), asook nie saamgestem nie met die stellings wat op ’n negatiewe houdingsprofiel dui (item 26).

Tabel 11: Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) se houdings teenoor Afrikaans

Item en stelling	**Stem (volkome) saam**	**Neutraal**	**Stem (glad) nie saam nie**
22. Ek sal iemand wat nie Afrikaans praat nie, aanraai om eerder Afrikaans te leer as om ’n ander taal te leer (behalwe vir Engels).	60,4%	27,1%	12,5%
23. Dit is nuttig om bevoeg te wees in Afrikaans in die sakeomgewing in die Khomas-streek.	83,3%	12,5%	4,2%
24. Dit is nuttig om Afrikaans te praat en verstaan as jy in die Khomasstreek werk soek.	83%	14,9%	2,1%
25. Dit is goed dat Afrikaans as ’n opsie in sommige skole in Namibië en by sommige tersiêre onderwysinstellings soos die Universiteit van Namibië aangebied word.	100%	0%	0%

26. Afrikaans hoort nie in Namibië nie.	0%	0%	100%
32. Ek geniet dit om Afrikaans te hoor.	89,4%	10,6%	0%
33. As ek kinders het, wil ek graag hê dat hulle ook Afrikaans leer.	59,6%	40,4%	0%

6.2.5. Algemene houdings teenoor Afrikaans

Vanuit die drie verskillende groepe – Afrikaanssprekendes, nie-Afrikaanssprekendes en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) blyk dit asof die Khomasstreek-inwoners oor die algemeen ’n positiewe houding teenoor Afrikaans het en dat hul graag Afrikaans wil bevorder en ander mense – asook hul eie toekomstige kinders – aanraai om Afrikaans te leer. Dit is net by die nie-Afrikaanssprekende groep waar hul meer neutraal voel oor die stelling dat hul eendag vir hul kinders Afrikaans wil leer, maar verder was hul houdings ook meer positief as neutraal of negatief.

In hoofstuk 1 is daar by die relevansie van die studie (1.4) aangedui dat hierdie studie moontlik ’n aanduiding kan gee van die status van Afrikaans binne die breër konteks van nasionale eenheid en versoening. Die feit dat al drie die groepe hoofsaaklik positiewe houdings teenoor Afrikaans het, dui daarop dat daar volgens die steekproef tog ’n mate van nasionale eenheid en versoening tussen Khomasstreek-inwoners is – dertig jaar ná onafhanklikwording.

Verder het daar in hoofstuk 2 by 2.1.4 “Kriteria om te bepaal watter taal in 1990 Namibië se amptelike taal sou word” die vraag ontstaan of die relatiewe negatiewe voor-onafhanklikheidshoudings teenoor Afrikaans en ander inheemse tale ’n positiewe verandering in die toekoms kan ondergaan, en of die welwillende houding teenoor

Engels in ’n mate sal afneem vanaf verheerliking na ’n meer neutrale houding (Maho, 1998). Uit die resultate kan daar dus gesien word dat die respondente hoofsaaklik ’n positiewe houding teenoor Afrikaans het, dus het daar ’n verandering plaasgevind vanaf die negatiewe voor-onafhanklikheidshoudings teenoor Afrikaans waarvan Maho (1998) geskryf het.

6.3. Persepsies rakende Afrikaans in Namibië (spesifiek in die Khomasstreek)

’n Persepsie ontstaan wanneer ’n verskynsel waargeneem en dan geïnterpreteer word. Persepsie verteenwoordig gevolglik ’n persoon se gewaarwording van ’n huidige situasie in terme van ’n vorige ervaring (Du Plessis, 2019). Hierdie ervarings kan verwys na sprekers se persoonlike ervarings met sprekers van verskillende tale oor die algemeen, met sprekers van Afrikaans spesifiek, asook die omgewing waarin hulle hul bevind. Die Afrikaanse taal is die betrokke verskynsel hier. In hierdie afdeling gaan daar bespreek word watter persepsies daar oor Afrikaans bestaan onder die steekproef van 275 respondente, asook onder die drie verskillende groepe (Afrikaanssprekendes (174 respondente), nie-Afrikaanssprekendes (53 respondente) en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale – 48 respondente).

6.3.1. Afrikaans as lingua franca in die Khomasstreek

Respondente se persepsie rondom Namibië se lingua franca kan vanuit item 27 afgelei word: Afrikaans is ’n taal wat in die Khomasstreek gebruik word as ’n gemeenskaplike taal tussen sprekers wie se moedertaal van mekaar verskil (d.w.s. as ’n lingua franca). 66 respondente het volkome saamgestem, 134 respondente het saamgestem, terwyl 38 respondente neutraal voel oor die stelling. 29 respondente het nie

saamgestem nie en drie respondente stem glad nie saam nie. Daar was vyf uit die 275 respondente wat nie hierdie item beantwoord het nie. Vanweë die feit dat 200 respondente saamgestem het dat Afrikaans ’n lingua franca in Namibië is, en 32 respondente nie daarmee saamstem nie, kan daar afgelei word dat daar ’n persepsie onder die respondente bestaan dat Afrikaans – ná dertig jaar van onafhanklikwording – steeds die lingua franca in die Khomasstreek van Namibië is.

Onder die Afrikaanssprekendes is 74,4% van mening dat Afrikaans die lingua franca in die Khomasstreek is, terwyl 71,1% nie-Afrikaanssprekendes ook die persepsie het dat Afrikaans die lingua franca in die Khomasstreek is. By die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) is dit duidelik dat 75,6% die persepsie het dat Afrikaans steeds die lingua franca in die Khomasstreek is.

In 1997 skryf Beuke (1997) in ’n artikel oor die kontak en konflik van Afrikaans in Namibië dat Afrikaans op daardie stadium nog die lingua franca in Namibië was, maar dat hierdie funksie tien jaar later, dit wil sê teen 2007, waarskynlik deur Engels vervul sou word. Groenewald (2010) meld egter dat Afrikaans twintig jaar ná onafhanklikwording steeds die status van lingua franca in Namibië behou, ten spyte van ’n veranderde politieke klimaat (hoofstuk 1 – 1.1). Vanuit hierdie studie wat in 2020 gedoen is, is dit duidelik dat minstens die Namibiese inwoners in die Khomasstreek die persepsie koester dat Afrikaans – selfs dertig jaar ná onafhanklikwording – steeds die lingua franca in die Khomasstreek is.

6.3.2. Afrikaans as taal van die koloniale onderdrukker

Volgens die navorsing en resultate blyk dit dat die respondente die persepsie het dat Afrikaans nie die taal van die koloniale onderdrukker is nie (Item 28). Die volgende

persentasie respondente het nie (en glad nie) saamgestem dat Afrikaans die taal van die koloniale onderdrukker is nie:

- Algehele steekproef: 71,5%
- Afrikaanssprekendes: 80,3%
- Nie-Afrikaanssprekendes: 46,2%
- Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale): 67,4%

By die nie-Afrikaanssprekende groep het 40% aangedui dat hulle neutraal voel teenoor die stelling, wat byna net soveel is soos die 46,2% van daardie bevolking wat nie saamgestem het nie. Dus kan daar afgelei word dat dit hoofsaaklik die Afrikaanssprekendes is wat die persepsie het dat Afrikaans nie die taal van die koloniale onderdrukker is nie.

6.3.3. Afrikaans as ’n inheemse taal in Namibië

Item 29 het die respondente se persepsie oor Afrikaans as ’n inheemse taal in Namibië getoets en 81,1% van die steekproef het daarmee saamgestem. 81,3% Afrikaanssprekendes, 79,2% nie-Afrikaanssprekendes en 83% multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) het saam met die stelling gestem. Dus is die persepsie van die Khomasstreek-inwoners dat Afrikaans ’n inheemse taal is.

6.3.4. Afrikaans dien as ’n verbinding tussen mense van verskillende kultuurgroepe

Volgens die resultate stem 76,1% respondente van die steekproef saam dat Afrikaans mense van verskillende kultuurgroepe verbind (item 30). Die groep wat hierdie

persepsie die sterkste oordra, is Afrikaanssprekendes met 76,9% teenoor multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) met 76,6% en nie-Afrikaanssprekendes met 73%.

6.3.5. Afrikaans vorm deel van die nasionale erfenis van Namibië

'n Volgende persepsie wat die navorsing opgelewer het, is dat Afrikaans deel vorm van Namibië se nasionale erfenis (item 31). Laasgenoemde is die persepsie van 91,1% van die steekproef.

- Afrikaanssprekendes: 94,8%
- Nie-Afrikaanssprekendes: 82,7%
- Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale): 91,5%

6.3.6. Afrikaans se uitsterwing

Item 34 het gestel dat Afrikaans oor 30 jaar gaan uitsterf. Die steekproef dui aan dat 79,8% nie met hierdie stelling saamstem nie. Die meerderheid Afrikaanssprekendes stem ook nie daarmee saam nie – 82%. Die nie-Afrikaanssprekendes stem hoofsaaklik ook nie saam nie (66%), terwyl 22,6% van hulle neutraal reageer op die stelling. 87% van die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) stem ook nie saam dat Afrikaans oor 30 jaar sal uitsterf nie. Uit die bogenoemde statistiek kan daar afgelei word dat die persepsie onder die respondente bestaan dat Afrikaans nie binne die volgende 30 jaar sal uitsterf nie – net soos wat dit ook bly oorleef en op sekere gebiede selfs floreer het die afgelope 30 jaar ná onafhanklikwording.

6.3.7. Die ontstaan van Afrikaans in Namibië

Item 35 handel oor die ontstaan van Afrikaans in Namibië, met verskeie opsies waaruit die respondente kon kies. Hieronder verskyn die opsies, sowel as die hoeveelheid respondente van die steekproef wat die opsies gekies het.

- Afrikaans is aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 90 respondente (33%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Oorlam- en Bastergemeenskappe vóór die koloniale tydperk na Namibië gebring: 88 respondente (32,3%)
- Afrikaans het reeds vóór die koloniale tydperk in Namibië ontstaan: 9 respondente (3,3%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Duitse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Bantu-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 2 respondente (0,7%)
- Afrikaans is aanvanklik deur die Khoi/San-gemeenskappe voor die koloniale tydperk na Namibië gebring: 8 respondente (2,9%)
- Ek weet nie: 68 respondente (24,9%)
- Twee respondente het nie die item beantwoord nie.

Uit die navorsing blyk dit dat die meerderheid respondente van die steekproef (33%) onder die wanpersepsie is dat Afrikaans aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring is, terwyl 32,3% se persepsie met die korrekte antwoord korreleer – Afrikaans is aanvanklik deur die Oorlam- en Bastergemeenskappe vóór die koloniale tydperk na Namibië gebring. Dit is

egter opvallend dat ’n groot hoeveelheid respondente glad nie weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie – 24,9% het die opsie gekies dat hul “nie weet nie”.

’n Verdere interessante verskynsel wat die navorsing oplewer, is dat dit hoofsaaklik die Afrikaanssprekendes is wat onder die wanpersepsie is dat Afrikaans aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse kolonialiste tydens die koloniale tydperk na Namibië gebring is. 37,6% van die Afrikaanssprekendes het die opsie van die Suid-Afrikaanse kolonialiste gekies, 31,9% van die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) het dieselfde opsie gekies, terwyl slegs 18,9% van die nie-Afrikaanssprekendes hierdie opsie gekies het. Dit is ook die Afrikaanssprekendes wat meestal aangedui het dat hul glad nie weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie:

- Afrikaanssprekendes 25,4%
- Nie-Afrikaanssprekendes 24,5%
- Multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale): 23,4%

Die navorsing se resultate toon ook dat die nie-Afrikaanssprekendes die groep is wat die korrekte opsie van die Oorlam- en Bastergemeenskappe die meeste gekies het – 56,6%. Onder die Afrikaanssprekendes was daar net 25,5% wat weet hoe Afrikaans werklik in Namibië ontstaan het, terwyl 29,8% van die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale) weet wat die ware toedrag van sake is. Dit is dalk vanweë die feit dat daar nie eintlik in die Namibiese skole onderrig verskaf word oor die ontstaan van Afrikaans in Namibië nie. Voor onafhanklikwording is Suid-Afrikaanse sillabusse gevolg en ná onafhanklikwording is daar nie so baie fokus geplaas op die Namibiese ontstaan en geskiedenis van Afrikaans nie. Die meerderheid Namibiese privaatskole volg vandag

nog internasionale sillabusse wat meer gerig is op ’n Suid-Afrikaanse konteks (Onafhanklike Eksamineringsraad - *IEB*).

Dus kan daar afgelei word dat dit die Afrikaanssprekende respondente is wat self die minste weet van hul taal se ontstaan en geskiedenis en gevolglik kan hul wanpersepsies ook tot ander Afrikaans- en ander taalsprekers se wanpersepsies van die Afrikaanse taal lei.

Dit blyk uit die navorsing asof dit juis die jonger respondente is wat nie presies weet hoe Afrikaans in Namibië ontstaan het nie. Uit die Afrikaanssprekendes wat aangedui het dat die Suid-Afrikaanse kolonialiste Afrikaans na Namibië gebring het, is 72,2% tussen die ouderdom van 18 en 50. Die Afrikaanssprekende respondente tussen die ouderdom van 18 en 50 wat aangedui het dat die Oorlam- en Bastergemeenskappe Afrikaans na Namibië gebring het, is slegs 46,5%.

6.3.8. Die gereelde hoor van Afrikaans

By item 36 het 97,8% van die steekproef aangedui dat hulle daagliks of amper elke dag Afrikaans hoor. Die Afrikaanssprekendes het aangedui dat hul almal (100%) daagliks of amper elke dag Afrikaans hoor. Selfs 88,7% van die nie-Afrikaanssprekendes is van mening dat hul daagliks of amper elke dag Afrikaans hoor. Al die multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale – 100%) het aangedui dat hul daagliks of amper elke dag Afrikaans hoor. Dus ontstaan die persepsie dat Namibiese inwoners byna daagliks Afrikaans in die Khomasstreek hoor.

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk gaan ek tot ’n gevolgtrekking kom oor hoe die resultate (hoofstuk 5 en 6) aansluit by die doelstellings van die studie (hoofstuk 1).

7.1. Samevatting van doelstellings

Die eerste doelstelling van die studie was om Afrikaanssprekende, sowel as nie-Afrikaanssprekende inwoners van die Khomasstreek in Namibië se houdings en persepsies rakende Afrikaans ná drie dekades van onafhanklikheid te ondersoek. Laasgenoemde is gedoen en het spesifieke resultate opgelewer.

Die volgende doelstelling was om hierdie houdings en persepsies van die Afrikaanssprekende inwoners met die houdings en persepsies van nie-Afrikaanssprekende inwoners van die Khomasstreek in Namibië te vergelyk en te kontrasteer. Daarom is die data in drie onderskeie groepe verdeel, naamlik Afrikaanssprekendes, nie-Afrikaanssprekendes en multitalige sprekers (Afrikaans en ander tale).

Die laaste doelstelling van hierdie studie was om enersyds moontlike verhoudings tussen Khomas-inwoners se persepsies en houdings met betrekking tot taal en tale oor die algemeen te ondersoek, en andersyds hul persepsies en houdings met betrekking tot Afrikaans te ondersoek. In hierdie hoofstuk word daar tot gevolgtrekkings gekom oor dié houdings en persepsies van die Khomas-inwoners.

7.2. Houdings teenoor Namibiese tale in die algemeen

Die oorgrote meerderheid van die steekproef het ’n positiewe houding teenoor Namibiese tale in die algemeen, want hul stem saam dat almal onderrig moet ontvang in die taal wat hy/sy die beste ken, asook dat dit goed is om meer as een taal in Namibië te kan praat en verstaan omdat meertaligheid ’n belangrike kenmerk van Namibië is. Die steekproef se houding teenoor Engels, Afrikaans, Oshiwambo, Duits en Otjiherero is ook meer positief as teenoor die ander inheemse tale van Namibië, want hierdie bogenoemde tale (in daardie volgorde) is volgens die samestelling van die steekproef as die belangrikste tale in Namibië beskou.

7.3. Afrikaans as onderrigtaal

